As God Met Ons Is, Waar Is Al Die Wonderwerke Dan?

Dankie, Broer Neville. Goeienaand, vriende. Weer terug. Ek het nooit maar net vier ure ingekry vanoggend. Dis ’n jammerte. En na vier ure se gepraat, behoort julle so moeg van my te wees, julle sou my van die platvorm kon verjaag.

2 [Gemeente sê: “Nee!” Broer Branham se broer, Doc, sê: “Dit herinner my. Iemand het vandag gesê dat jy altyd ’n klomp van hierdie dinge oorhet, waarby jy nooit uitkom nie.”—Red.] Ja, meneer. [“Maar vanaand, Skat, kan jy sommer al die tyd kry wat jy wil hê.” Gemeente sê: “Amen!” Doc sê: “So, julle hoef niks Daarvan te mis nie.”] Ek het omtrent die helfte van die Bybel hier uitgeskryf. [Iemand sê: “U het die hele nag om te preek.”] Ons het verskeie kosbare broers hier, ons wil hulle hoor.

3 Hoeveel het die diens geniet vanoggend, van die . . . [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Werklik, vier uur. Ek weet nie waartoe daardie band gegaan het nie.

4 My suster het my gebel, na die diens, en sy het gesê: “Dit moes niemand anders gewees het nie.” Het gesê: “Dit moes net vir my gewees het. En ek het gesê,” vir haar man: “‘Junior,’ gesê: ‘wat het jy gedink?’ ‘O,’ het hy gesê: ‘ek het Broer Branham beter as dit hoor doen.’” Sy het gesê: “Toe was ek seker dit kom my alles toe,” het sy gesê.

5 Ek glo sy is daaragter, anders sou ek dit oor haar vertel het, maar ek sal dit net laat staan. Delores, waar is jy? Sy is nie hier nie. Wel, dan sal ek dit vertel. Sy het gesê: “Ek was skuldig aan net ’n klein bietjie daarvan te gebruik, jy weet, grimering; net ’n klein bietjie afgeknip.” Het gesê: “Dis verby.” Sy het besef sy was nog nie dood nie, julle sien. Jy moet sterf, so het dit die boodskap getitel van . . . vir die Nuwejaar s’n. Mag die Here Sy seëninge skenk.

6 So lekker, vanaand, om soveel hierbinne te sien. Broer Graham Snelling, ek het net betyds ingekom om hom daardie ou lied te hoor afsluit: “En Ons Sal Op Sionshoogte Gaan Woon.”

7 Ek skat daar is niemand hierbinne wat nog klein Rabbi Lawson onthou nie. Onthou iemand hom? Ja, twee of drie van julle, Broer Graham en Broer Slaughter. Dit het my aan Broer Lawson laat dink. Onthou hoe hy altyd gesing het? Klein, stukkie mens, ek het hom “rabbi” genoem omdat hy ’n klein, plat, swart hoedjie gedra het. Hy was ’n Pinksterprediker. Maar, yslike groot skilpad-dop-bril, en ek het gesê: “Jy lyk net soos ’n rabbi.” En toe het ons hom altyd “Rabbi Lawson” genoem, ’n wonderlike

broertjie. En hy—hy was so oud, hy het ingetoë geraak; is omgery deur 'n kar, en sy knieë het styf geword. Hy sou sy kruk, of sy loopkierie, hier aan *hierdie* kant hang. En ek sou op 'n stoel gaan sit. En wanneer hy daar by daardie deel kom: "Die wiele van sterflike lewe sal almal tot stilstand kom," sou hy daardie ou kierie optel, oor sy skouer reik, en dit reg om my nek haak, en my *so* dig naderbring, sy arm om my sit, en sê: "dan sal *ons* op Sionshoogte gaan woon."

8 Enige, enigiemand anders hierbinne wat Rabbi Lawson ooit geken het? Net 'n paar van julle. Ek wil dan dit sê. 'n Vreemde ding het met hom gebeur. Hy was 'n ware, klein prediker, goeie broer. En hy—hy het geen groot kroos gehad nie; dit was nie sy roeping nie. Maar, ek glo hy het getrou gelewe aan dit waaroor hy aangestel was, dis die belangrikste ding.

9 En sy vrou het gedink hy maak nie genoeg geld met preek nie, toe wil hulle hê hy moet 'n werk kry. Hy het die heeltyd die Bybel bestudeer. Toe het sy eendag so kwaad geword vir hom, sy het sommer die Bybel reg van sy skoot af gegryp, Dit gevat, en die stoof oopgemaak, en Dit in die oond gesteek en Dit verbrand. 'n Paar maande daarna, het sy 'n paar Kersligte opgesit, die vuur van die Kersboom het haar gevang en haar uitgebrand, reg op dieselfde plek. Sien, jy maai wat jy saai. "Raak My gesalfdes nie aan nie, skaad My profete nie." Sien?

10 Gedink aan die Woord van God. Daardie mense wat die ongeluk daar gehad het, en toe het Satan probeer om te vernietig hulle . . . Ek het hulle pas sien opstaan daaragter, net toe, om iemand in te laat. Hulle woonwa, prakties alles in daardie vertrek, het tot as verbrand. Ek was daar. Die enigste ding wat bestaan het, dink ek, was 'n geseënde ou Bybel, en, ek dink, my boek en Broer Osborne s'n. Alles is tot as verbrand, in hulle woonwa. Ek het die Bybel opgetel, dis net bietjie gerook aan die buitekant. Ek het die suster en die broer gesê dat eendag, as die Here wil, sou ek dit graag hier na die preekstoel wou vat, en preek oor die teks: "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nie." Wanneer dit alles weg is, is die Woord steeds daar. Is dit nie wonderlik hoe God vir Sy Woord sorg nie? En laat daardie Woord dan in julle wees, sal Hy vir julle sorg. Dis reg.

11 Gedurende die tyd van die vloed. Ek het een aand hier gepreek, my Bybel agtergelaat. Die '37-vloed het oornag gekom, byna, soos dit deur die tabernakel gevee het; het hierdie selfde preekstoel opgetel, dit reg opgelig (daar was toe geen ander plafon hierbinne nie) en dit reg teen die plafon gesit. Die Woord synde onder die preekstoel; in plaas dat dit gesink het, het dit gedryf, het dit tot reg by die plafon gevat. En ek het oral hier rondgeroei, in 'n bootjie. En toe, toe die waters gesak het, het dit afgekom en het net hier gelê by dieselfde hoofstuk waaruit ek gelees het, na die vloed. "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nie." Dis reg. Hy's wonderlik. Is Hy nie?

12 Eerlik, ek—ek wil hiervandaan wegkom, heel gou, omdat hulle soveel goeie predikers het. Ek het gedink ek sou hulle almal na die platvorm roep, maar ons het nie sitplekke vir hulle nie. Want, ek het verskeie gesien vandat ek hier aangekom het, in die gehoor, het miskien vanaand 'n boodskap. Ons wil van ons pastoor hoor, van verskillendes, die—die boodskap wat hulle op hulle harte het, vir vanaand. Ek sal sommer regtig kort wees, en probeer om 'n ietsie te sê.

13 En dan begin ons vanaand iets, of iets gebeur vanaand, as God wil, wat ons nog nooit gedoen het sedert ek . . . in my leeftyd nie. Sommer net nou die dag daaraan gedink, Broer Neville gebel, en hy het gedink dis 'n goeie idee. In plaas van al die omhaal en blaas van fluitjies, en skree en tekere gaan, en drinkery, en die Nuwejaarsjolyt, ensovoorts, gaan ons na die altaar kom en nagmaal gebruik, om middernag. Met . . . En elkeen van ons, soos ons vanaand luister na die woorde van hierdie verskillende predikers, laat ons werklik eerbiedig wees.

14 Nou, verlede Sondagaand, het ek 'n Kersboodskap gelewer. En toe het ek vir die kerk gesê, vir die mense van Georgia en die verskillende plekke: "Moenie kom nie," omdat dit hulle kinders Kersfees sou ontsê. Hulle—hulle sien uit daarna, hulle is maar net kinders. En ek sou die bande vir julle kry. Nou, julle wat toe nie gekom het nie, die—die band is op my onkoste. Laat net vir Broer Wood-hulle weet, en ek—ek sal dit vir julle regmaak, en kry die band.

15 En nou, vanaand, wil ek eers net hierdie een ding sê, voor ek my teks lees.

16 En waarskynlik, met die prekery, sal ons tot reg by, byna tot middernag wees. En dan gaan ons, omtrent vyftien, twintig minute voor twaalf, kom ons uit en bring die kousjer uit, die—die Here se Avondmaal, die paaslam. En sit dit hier, die kousjer, en betuig dan dank aan God, en staan by die altaar, met geboë hoofde en harte, en gebruik die nagmaal van die Here. En ek dink die vertrek is vol, opnemers daarbinne, ensovoorts. Ek weet nie, of ons . . . Hoe sê? Hulle sal uit wees teen daardie tyd, so ons sal ook nie voetewas hoef weg te laat nie. En môre is Maandag, en sommige mense, van buite die stad, het volop tyd om huis toe te gaan. En vertrou dat God julle nou sal seën.

17 En hierdie sal waarskynlik die laaste keer wees wat ek by julle sal uitkom, totdat ek van die Weste af terugkom. Ek gaan daar na Arizona, gaan miskien eers na Louisiana, en dan voort na Arizona en Kalifornië. En dan sodra ek terugkom, hoop ek om weer by julle te wees. Tot daardie tyd, bid.

18 Ek het nooit 'n reisprogram gemaak nie. Ek reken ek sien Broer Borders, vanaand, in die byeenkoms. Ek het aandag op hom gevestig vanoggend. En hy hou 'n rekord, en hy het my nou die dag 'n boek gewys, van allerhande soorte uitnodigings. Maar

op 'n manier, gedurende hierdie tyd, het die Heilige Gees vir my gesê: "Gaan na een plek toe. En wanneer jy daar klaar is, sal Ek jou sê waarheen om daarvandaan te gaan." Sien, net reg so voortgelei, wat om volgende te doen. So ons moet heel dig by die lyn hou, wanneer Hy dit begin doen, julle sien, net weet waar ook al iemand bel en wag.

19 Nie vir Nuwejaarsvoornemens nie, omdat ons hulle nie neem nie; doen geen goed nie, jy breek hulle. Ek het my pappa daardie stuk roltwak sien weggooi, elke Oujaarsaand; om te kyk waar hy dit gegooi het, sodat hy dit die volgende dag weer kon kry. Sien? En dis omtrent hoe dit gaan. Laat ons nie voornemens hê nie. Laat ons om genade en barmhartigheid vra, om God se genade vra.

20 En as ek nie weer 'n keer 'n kans kry nie, tot die gee van die nagmaal, waarskynlik haastig teen daardie tyd, ek . . . Dit is een ding wat ek begeer om te doen; een van my begeertes is om 'n Kerk te sien sonder smet of sonder rimpel, dat die Heilige Gees . . . Broer Graham, dit was die verlange van my hart; om 'n Kerk te sien wat so met God vervul is, dat sonde nie êrens daarin kan woon nie, die Gees van God dit reg na vore roep, waar dit ook al is. Ek wil dit sien.

21 En een ding wat ek begeer, die een groot visioen van die Here wat ek altyd begeer het om van die Here te kry, Hy het dit vir my gegee nou die oggend, omtrent tienuur in die oggend. En dit het my begeerte bevredig. Vir jare en jare, sedert ek 'n prediker was, het ek verlang om dit te sien, en uiteindelik is dit vervul. Nou is ek baie dankbaar teenoor God. Ek het niks daaroor gesê nie, het dit net neergeskryf. En ek weet dit is net presies waarvoor ek, die heeltyd, gevra het.

22 En nou bid ek en vertrou op God. En vanaand, opnuut, wy ek my lewe aan Hom, oor Sy preekstoel. Daardie een groot begeerte in my lewe is om nederiger te wees voor God en voor Sy mense. In die wete dat dit een van my groter foute is, is om op so 'n manier met die publiek te handel, dit het baie uit my uitgevat, wat vroeër daar was. Ek vertrou dat God weer daardie vreugde sal herstel wat ek eens gehad het. Nie dat ek my vreugde verloor het nie, nee; maar ek bedoel ek wil meer daarvan hê, meer, meer nederigheid, om die Here te dien. Hierdie komende jaar, het ek God belowe, as Hy my sal laat lewe, en my gesondheid en krag gee, sal ek 'n dienskneg vir God probeer wees, en 'n broer vir die mens, met my hele hart.

God seën julle nou. Laat ons net 'n oomblik ons hoofde buig.

23 Soos die wêreld, Vader, rondom die ewenaar wieg, soos ons vertel word, sal dit nou weer agteruit begin beweeg na . . . van die kortste dag van die jaar, na die langste. Net 'n kort rukkie, en die fluitjies sal blaas, die mense sal skree, die klokke sal lui; en die ou jaar is weg, en die nuwe jaar kom aan. Vader, ons dank U,

dat U ons hierdie jaar 1961 laat sien het. En ons bid dat U ons vergewe vir al ons sondes wat ons deur hierdie jaar gedoen het. En as daar een ding was wat ons gedoen het wat goed was, laat U Naam geprys word. Want dit was nie ons, die onwaardiges, nie; maar dit was U, die Heilige Gees wat eindelik Sy pad in ons lewe ingedruk het, bo-oor ons opstandige toestand, en iets gedoen het wat God verheerlik het. Ons is dankbaar dat Hy dit gedoen het. Vader, ons wil bid vanaand dat Hy ons elke keer opsy sal druk, en die wil van God in ons lewens sal laat geskied.

24 En, vanaand, waar ons susterkerke, hulle pastore hier sit; ons Broer Graham, en broers van verskillende dele van die land; Utica, Sellersburg, en Georgetown, waar dit ook al mag wees. Kosbare siele het saam vergader van baie, selfs State, vanaand, om ons te help in hierdie groot vreugdesfees hier wat ons vier; en het die tyd verwyl met die sing van liedere, 'n gebed bid, en met luister na die Woord van God. Vervul elke hart. Skuif elke twyfel terug. Neem elke vrees weg. Verwyder alle moegheid. En laat die Heilige Gees in ons harte inbeweeg, en die Woord plant. Laat ons die land wees waarin die Woord sal val, wat vrugte sal voortbring in die komende jaar. Skenk dit, Here.

25 Help my nou, waar dit my beurt is, die lot op my val op hierdie tydstip, om te praat. Ek bid dat U die woorde sal salf wat gesê word. En mag hulle uitgaan onder die salwing van die Heilige Gees, met verwagtinge, Here, om mense te bring, wat U nie ken nie, na U toe; en hulle wat daar is, laat hulle meer geloof hê, om U te dien. Skenk dit, Here. En help my stem, en wat 'n slegte verkoue het, en moeg is van 'n vier-uur Boodskap vanoggend, ek bid dat U my sal help. Help ons almal, en berei ons nou voor vir die komende diens en die nagmaal.

26 Seën hierdie kerk en sy pastoor, ons Broer Neville, sy trustees en sy diakens, en mag hulle hierdie jaar moediger dien as enige tyd tevore. Dank U vir hulle diens en hulle moedigheid. Hoe het hulle nie by my gestaan toe ek iemand nodig gehad het om my by te staan nie! Broer Neville en Broer Roy Roberson, en al die kosbare broers wat ons bygestaan het in die tye van probleme, en, onder die leierskap van die Heilige Gees, besluite geneem het na die beste van hulle wete. En die besluite wat hulle geneem het, is bewys volgens U wil te wees, want U het hulle besluite geseën. God, gaan voort om met hulle te wees. Help ons almal, nou saam. Ons vra in Jesus se Naam. Amen.

27 Nou, vir julle wat tekse afneem; en in vertroue dat julle vir my sal bid. En vir 'n paar oomblikke, wil ek graag julle aandag vestig op 'n Skrif, te vinde in die Boek van Rigters, by die 6de hoofstuk, vanaf die 7de vers. Ek sou wou dat julle in stilte sou luister, en na die Woord luister.

28 Kan julle my goed hoor aan die agterkant? Steek julle hande op, as julle kan. Goed. En as hulle dophou, wie ook al

hierdie mikrofoon bedryf, sal dophou dat dit voortgaan. Kom die bande in?

29 Rigters, die 6de hoofstuk, die 7de vers. Luister nou mooi, want ek gaan hierna verwys oor 'n paar oomblikke.

> *En toe die kinders van Israel die* HERE *aanroep vanweë die Midianiete,*
>
> *het die* HERE *'n profeet na die kinders van Israel gestuur, en dié het vir hulle gesê: So spreek die* HERE*, die God van Israel: Ek self het julle laat optrek uit Egipte . . . julle uit die slawehuis uitgelei.*
>
> *En julle gered uit die hand van die Egiptenaars en uit die* hande *van al julle verdrukkers . . . hulle voor julle uit verdrywe en hulle land aan julle gegee.*
>
> *En Ek het aan julle gesê: Ek is die* HERE *julle God, julle mag die gode van die Amoriete in wie se land julle woon, nie vrees nie. Maar julle het nie na My stem geluister nie.*
>
> *Toe het die Engel van die* HERE *gekom en gaan sit onder die terpentynboom wat by Orfa staan, wat aan Joas, die Abiësiet behoort het, terwyl sy seun Gideon juis koring uitslaan in die parskuip om dit te beveilig teen die Midianiete.*
>
> *En die Engel van die* HERE *het aan hom verskyn en vir hom gesê: Die* HERE *is met jou, dapper held!*
>
> *Toe vra Gideon Hom: Ag, my Heer, as die* HERE *met ons is, waarom het al hierdie dinge ons dan oorgekom? En waar is al Sy wonders waar ons vaders ons van vertel het deur te sê: Het die* HERE *ons nie uit Egipte laat optrek nie? Maar nou het die* HERE *ons verwerp en ons oorgegee in die hand van die Midianiete.*
>
> *Toe draai die* HERE *na hom toe en sê: Gaan in hierdie krag van jou en verlos Israel uit die* hande *van die Midianiete. Is dit nie Ek wat jou stuur nie?*

30 As dit vir God so behaaglik is, wens ek 'n teks daar te neem, oor, ek dink die . . . omtrent die 14de vers, waar Daar gesê is: *As God Met Ons Is, Waar Is Al Die Wonderwerke Dan?*

Nou, ons is almal bekend met die Rigters, van Israel.

31 En hoe hulle met die Israeliete gemaak het; die Filistyne, die Midianiete, die Amoriete, en al die verskillendes het soos sprinkane ingekom en sommer opgeëet wat hulle gehad het, en dit uitgevat, en aangegaan. Maar, het julle opgelet, hulle kon dit nie doen voordat Israel eers van God afgedwaal het nie.

32 Die duiwel kan nie 'n voet op jou sit, om jou te beseer, voordat jy eers van God afdwaal nie. Julle moet dit eers onthou. Gaan na wanneer enigiets gebeur, kyk of jy in die Geloof is, of nie, kyk

daarna of jy op die regte plek is by God; onthou dan, die duiwel kan jou geen skade aandoen nie, jy's in Christus.

33 En hierdie plek hier, ons het net uitgelaat die . . . 'n Paar jare voor hierdie, was die profetes gewees, Debora; en Barak. En hoedat sy geprofeteer het en hulle gesê het wat om te doen, en dit was net presies reg; Barak, die groot vegsman; en hoedat hulle 'n lied gemaak het, van die triomf oor die vyand. Maar sodra hulle uit die kinkel gekom het, het hulle weer reg direk in die groef verval.

34 As dit nie die prentjie van die kerk van vandag is nie! Net sodra dit uit een kinkel uitkom, gaan dit reguit in 'n ander een in. Maar tyd vir aksie het gekom. En dis nou dieselfde, die tyd vir aksie het gekom. Die tyd het gekom, wanneer kerkspeel tot 'n einde gekom het, by God. Daar's geen kerkspeel meer nie. Ons moet by optrede uitkom. En ek vertrou dat daardie selfde God dit sal plaas op die harte van die mense vanaand, dat dit tyd is vir 'n einde van kerkspeel, godsdienstig speel, regverdig speel, en nou is dit tyd vir aksie.

35 Waar ek vanoggend gepraat het oor die onderwerp van wat die nuwe Geboorte was, en hoe ons daartoe kom, sink dit sekerlik steeds diep in julle hart in. Nou het die tyd gekom vir optrede oor wat julle weet die Waarheid is. Jy kan nie met geloof optree tensy jy eers weet wat jy doen nie. Jy moet eers weet wat jy doen, voor jy geloof kan hê om dit te doen.

36 Iemand het eenkeer vir my gesê, 'n bekende doktor, het gepraat oor 'n wonderwerk wat gebeur het onder . . . 'n siek persoon. En hy het vir my gesê: "Prediker, glo jy nie, as jy vir mense gesê het om uit te gaan en 'n boom of 'n paal aan te raak, sou dieselfde ding gebeur het nie?"

37 Ek het gesê: "Nee, meneer." Ek het gesê: "Want jy kan nie geloof hê in die aanraking van 'n boom of 'n paal nie."

38 Geloof is nie so los nie. Dit moet gebaseer wees op een of ander bekende feit. Jy moet iets weet van dit waarin jy geloof het, voor jy geloof daarin kan hê. So ons moet eers weet *hoe* en *wat*, wat God se begeerte is, wat God se plan is, en hoe om God deur daardie plan te benader. En dan kan ons met vrymoedigheid na die Troon van Genade opstap, en pleit wat die plan ons belowe het.

39 Nou, hulle was aan die kerkspeel. Net sodra hulle uit een kinkel gekom het . . . God het hulle verlos. Dan, in plaas van regtig voort te gaan en God te dien, Sy magtige hand gesien, het hulle reguit terug uitgedraai, weer in die dinge van die wêreld in. En so het die tyd gekom, wanneer, God 'n halt geroep het. En dit moet so wees.

40 En ek dink dis nou tyd om 'n halt te roep. Ons het die Woord van God verdraai, om elke organisasie wat daar in die wêreld is, te pas. Elke plan wat elke mens gesmee het om te doen. Ons

het die Woord verdraai om Dit op *hierdie* manier te maak, en die Woord verdraai om Dit op *daardie* manier te maak, en het Dit op 'n ander manier verdraai om Dit by 'n plan te laat pas. Maar die tyd het gekom, om te stop, staak julle kerkspeel. Die tyd het gekom wanneer mense sê: "As jy net genoeg Gees kan kry, om in die Gees te dans; as jy genoeg kan kry, om ligte voor jou oë te sien; of 'n sensasie om teen jou rug af te loop, of een of ander bewing, een of ander skudding, een of ander emosie; het jy Dit!" Jy het iets; maar, ek sou nie sê wat jy gehad het nie, voor ek sien watter soort vrugte daaruit gegroei het nie.

41 Soos ons vanoggend daardeur gegaan het, jy kan nie verwag 'n baba moet 'n man gebore word nie. Hy moet daarnatoe groei. En ons groei in Christus, tot die volle statuur. Iets . . . Nie iemand raak vanaand bekeerd, en gaan môre die Evangelie verkondig nie. Ons groei op tot manlikheid, in die statuur van Christus in.

42 Nou, ons vind dat wanneer God se mense in die moeilikheid raak, stuur God altyd vir hulle 'n profeet met die ware Woord, om hulle uit te bring. Daar's nooit 'n tyd dat God se mense ooit in die moeilikheid raak nie, of God stuur vir hulle Sy Woord. En Sy Woord, soos ons vanoggend dit gehad het, kom na die profete. En hoe jy dit toets, is om uit te vind of dit volgens die Woord is. As dit volgens die Woord is, dan word God se Woord lewendig.

43 Nou baie kan dalk sê: "*Hierdie* is die profeet van ons kerk." "*Hierdie* is die profeet van ons kerk." En twee van hulle, teenstrydig met mekaar, iets moet verkeerd wees.

44 Ons moet almal dieselfde ding sê. Dan moet ons praat, nie teenstrydig nie, maar presies saam met hierdie Woord. Dis hoe 'n ware profeet getoets word, of hy die Woord het. Die Bybel het gesê: "As hulle getuienis nie volgens die wet en profete is nie, is daar geen Lig in hulle nie." Dis reg. Dit moet volgens die Woord wees.

45 En God stuur altyd, in elke geval, 'n ware dienskneg vir die mense, 'n ware profeet wat die ware Woord van God sal bring. En die Woord van God is dit wat die mense verlos, altyd.

46 Nou, as ons sou teruggaan en die 7de tot die 10de vers lees, vind ons, daarin, in hierdie 7de tot die 10de vers, dat Israel weggedraai het van God, en weer in die wêreld teruggegaan het. En daar het, van nêrens af nie, gekom, gee nie eens sy naam nie. Ek skat die profeet was nie geïnteresseerd in sy naam nie. Hy het belang gestel in een ding; God het hom gesalf! Hy het geen verskil gemaak of hy een van hulle denominasies geklassifiseerd was, of iets anders, of of hy 'n biskop of 'n aartsbiskop was nie. Al ding waarin hy belang gestel het, was daardie boodskap op sy hart. En hy het die mense teruggeroep na bekering, en 'n begrip dat hulle God 'n God van mag was en 'n God van verlossing, God van wonderwerke, wat hulle gegryp het uit die hande van die Egiptenare, die Skelfsee oopgemaak het, en hulle

in die wildernis gevoed het, en die God van mag Wat die land van iemand anders kon neem en dit vir hulle gee. Amen! Dit was 'n ware profeet. Hy was gesalf, en hy was die Stem van God vir daardie mense. Hy het gespreek, dat dit so moes wees, omdat hulle in die moeilikheid was.

47 Hierdie Midianiete, en Amoriete, ensovoorts, het almal aangekom en hulle hele land verslind. En so het die vyand uitgedaag, en hy moet ontmoet word! Hulle leërs kon dit nie doen nie, en hulle priesters kon dit nie doen nie, en hulle kerke kon dit nie doen nie. So, dit het die Woord van God geverg, om sy uitdaging tegemoet te gaan.

48 Die vyand praat vandag. Die vyand probeer sê dat: "Die dae van wonderwerke verby is. Dat, daar nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees is nie. En Dit is slegs emosie. Dis slegs 'n opgewerktheid." So, die vyand het uitgedaag, en sy uitdaging moet ontmoet word! Die enigste manier waarop ons die uitdaging van die dag kan ontmoet, wanneer die denominasies die mense wegroep, en—en hulle in *hierdie* organisasie, *daardie* organisasie plaas; vroue hulle hare laat knip en grimering dra; en mans, van allerhande soorte lewens, lewe as trustees en diakens; en pastore in die kerk, omdat hulle een of ander Ph.D. of LL.D. het, is die vereiste. Jesus het nooit van 'n man vereis om dit te hê nie.

49 Jesus se vereiste was: "Wag in die stad Jerusalem totdat julle toegerus word met Krag van Omhoog, dan is julle 'n getuie vir My." Dit ontmoet sy uitdaging. Dit het die vyand se uitdaging ontmoet. Dit het dit in daardie dag ontmoet. Dit sal dit in hierdie dag ontmoet.

50 Nou wil ek hê julle moet oplet. In 7 tot 10, sien ons die profeet kom, van 1 tot 7, sien ons die mense wegval. En van 7 tot 10, sien ons die profeet kom en die mense die geneesmiddel gee. Let op, ons weet nie van waar hy gekom het nie; hy het nooit gesê daar was 'n man, 'n Fariseër, wat vir 'n ruk 'n priester was nie. Daar word nooit sy agtergronde gegee nie. Daardie profete, hulle staan op van nêrens!

51 Kyk na Elía. Elía was die laaste, en die sesde, van die groot profete, van die magtige profete. Wat ons van sy agtergrond weet, is niks. Ons weet nie na watter skool hy gegaan het nie. Ons weet nie uit watter soort familie hy was nie. Die enigste ding wat ons weet, dat, God met hom was! En hy het voortgekom, en hy het weggegaan omtrent net so misterieus as wat hy voortgekom het. Hy het uit die wildernis van nêrens af gekom, en het na die wildernis teruggegaan, en is opgevang in 'n strydwa van wind, en opgeneem in die Hemele in, met Vuur. Hy het misterieus gekom, en hy het misterieus weggegaan. Hy het geen teologiese agtergrond gehad nie. Ons weet nie van waar hy gekom het, wie sy vader was, wie sy moeder was, wie sy broers en susters was nie.

Al ding wat ons weet, hy was 'n man van God. God het hom uit nêrens uit geneem, en het hom gebruik, en het hom teruggeneem Êrens in, in Sy Teenwoordigheid. Hy was 'n man van God.

52 En hier kom 'n profeet uit, vir daardie uur, en het hulle die Woord van die Here gegee. Onthou, Hy het hulle nooit een of ander mensgemaakte teologie gegee nie. Hy het gesê: "Ek is die Here wat julle uit Egipte uitgebring het, My magtige hand getoon het, My Krag getoon het." Ek sou my voorstel Gideon het net daar gesit en luister na hom! "Ek is die God wat hierdie dinge gedoen het. En Ek het dit alles vir julle gedoen, en tog het julle nie My gebooie gehoorsaam nie. In dit alles, het julle dit nie gedoen nie."

53 Nou ek wil hê julle moet op 'n ander ding let wat julle kan bemoedig. Onmiddellik na daardie profeet se Boodskap, het die Here op die toneel verskyn. Amen! Sodra hy sy Boodskap gelewer het, het die Here onder 'n boom verskyn. Die Here het gekom, na die Boodskap van die profeet, het onder 'n boom gesit. Die profeet het gegee . . . Die mense het weggeval, afgegaan in hulle ismes. God het Sy profeet gestuur. Sodra die profeet klaargemaak het met sy Boodskap, het die Here die profeet se Boodskap gevolg, vir verlossing!

54 O, ons lewe in 'n wonderlike tyd! Onmiddellik toe die profeet van die toneel af is, wat het gebeur? Die Here het op die toneel gekom! Sodra Johannes van die toneel afgegaan het, het die Here op die toneel gekom! Baie vreemd hoe God werk, maar Hy doen dit, werk op misterieuse manier.

55 Ons het die Skrif hier gelees, waar Gideon, bevrees, buite by die parskuip, slaan genoeg koring uit, voor die Filistyne of die Midianiete hom kry. Hy en sy pa, kry daar 'n bietjie te ete vir hulle winterkos, slaan dit uit, in die geheim, sodat hulle hulle nie kon vind nie. Want, hulle het net ingekom soos sprinkane, en alles gevat wat hulle gehad het.

56 Dis hoe die duiwel maak. Ons kry 'n kerkie aan die gang, alles gaan goed, (hoeveel predikers weet nie dis die waarheid nie?), net omtrent teen die tyd dat alles goed aan die gang is, sal een of ander ou indringer reg tussen daardie groep inkom en dit aan stukke skeur. Dis reg, gryp die kerk by 'n man, as hy dit kan doen. Sien, dis die duiwel, kom in soos sprinkane en neem weg wat gegee was. Nou wanneer . . .

57 Gideon was beslis 'n Skriftuurlike man. Toe die Engel van die Here vir hom gesê het . . .

58 En as julle oplet, dit was nie die Engel van die Here nie. Daar is gesê: "En die Here," hoofletter H-e-r-e. Dit was nie 'n Engel nie. Dit was God. Dit was 'n—'n teofanie in 'n man, in die vorm van God, soos aan Abraham verskyn het destyds in die wildernis, en soos 'n man gelyk het. So gevolglik, synde 'n Boodskapper, was Hy die Engel van die Here.

59 En Hy het aan hom verskyn. En Hy het gesê: "U dapper held," het gesê Hy gaan hom vat, en Israel deur hom verlos.

60 En Gideon het daardie vraag gevra. Watter Skriftuurlike man was dit nie! Dis die soort man na wie God kom, iemand wat weet. Gideon het gesê: "As God met ons is, as U die Boodskapper is, waar is die wonderwerke dan waarvan die profeet ons vertel het?" Hy het geweet, oral waar God gegaan het, het Sy wonderwerke Hom gevolg. Hy het geweet dat waar God ook al sou wees, daar sou wonderwerke wees.

61 En hoe kan jy verwag God moet, vandag, werk onder mense wat nie eens in wonderwerke glo nie? Hoe kan dit wees?

62 En Hy het hom genoem "die dapper held." Het gesê: "Nou, hierdeur, gaan jy Israel verlos."

63 Nou, dit het gelyk na 'n man wat daar sit, en dit was 'n Man. En hy het na Hom gekyk, en hy het gesê: "Nee, my Heer, as God met ons is, waarom is al hierdie probleme dan op ons? En waar is die wonderwerke waarvan ons vertel word? Waar is die dinge wat God altyd gedoen het?"

64 Nou daar is 'n goeie manier om vertroue te hê of die boodskapper reg is, of nie. As hy 'n vorm van godsaligheid het, sal hy daardie Krag om daardie wonderwerke te doen, verloën. As hy 'n boodskapper is van God, sal hy nie slegs praat daarvan nie, maar hy sal dit hê; om dit voort te bring, en te wys dat die God waarvan hy praat, met hom is en in hom.

65 Hy het gesê: "As God met ons was, waar is al Sy magtige wonderwerke? Want, ons verstaan . . . " Luister hoe Skriftuurlik, was Gideon. Met ander woorde, hy het gesê: "As . . . Ons verstaan dat God 'n groot God is van magtige dade. Hy's 'n groot God van wonderwerke. En as Hy vir ons is, en Hy met ons is, en Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, waar kan ek Sy wonderwerke sien? Waar kan ek hierdie God in aksie sien? Waar is Hy, as Hy vir ons is?"

66 Die dapper held kon terugverwys na die ou Woord, en weet Dis reg, omdat hy dit geweet het, dat God 'n bonatuurlike Wese is. En waar ook al 'n bonatuurlike Wese is, sal Hy bonatuurlike tekens verrig, omdat die bonatuurlike in Hom is. Jy kan net nie daaruit kom nie.

67 Hoe kan jy in die aangesig van wind staan, sonder dat die wind waai? Hoe kan jy in die water kom, sonder om nat te wees? Water is nat. Dis die chemie daarvan. Dis nat! En wanneer jy in water beland, gaan jy nat raak. Reg!

68 En wanneer jy in die Teenwoordigheid van God, die bonatuurlike, kom, gaan daar bonatuurlike tekens wees en bonatuurlike werkinge van 'n bonatuurlike God.

69 Gevolglik, het hy gesê: "Waar is die werking, waar is die wonderwerke, as God met ons is?"

70 Glorie! [Broer Branham klap sy hande saam—Red.] Dis dit! Sien, waar God is, is wonderwerke. Waar God is, die teken van God is daar. Sien?

71 En Gideon, baie Skriftuurlik, het gesê: "Waar is hierdie dinge?" Met ander woorde, iets soos: "Ek is 'n man, van miskien vyftig jaar oud," sou hy sê: "En ek het hulle hoor praat van 'n God wat wonderwerke verrig het. En ek het kerk toe gegaan, en ek het die priesters geglo. En ek glo die profete. En ek glo die geskrewe Woord, al die perkamentrolle. En ek lees in die perkamentrolle waar God, wanneer Hy onder Sy mense kom, iets plaasgevind het." En Gideon het nie geweet behalwe dat dit 'n man was wat daar onder hierdie akkerboom sit nie. Amen! Dis al wat hy geweet het, Hy was 'n man. Hy het gesê: "Nou, as God met ons is, waar is Sy wonderwerke? Ons wil hulle sien."

72 Hoe Skriftuurlik is dit nie! Want, waar die bonatuurlike is, sou God en Sy teken met Hom wees. Waar God is, is die teken van God by God. Ons weet dit. As Hy in Sy mense is, sal hulle Sy tekens doen. Net presies.

73 Dit was die vraag wat Gideon gehad het: "Ja, waar is God? As daar 'n God is, as daar God met ons is, laat my dan sien waar Sy teken is. Ons is gesê dat Hy hulle wel verrig. En as hierdie groot taak voor my lê . . . "

74 Dalk het die ou Man wat daar staan, het Hy soos 'n ou Man gelyk. Die Bybel het gesê Hy het 'n staf in Sy hand gehad. Lees aan, die 6de hoofstuk, wanneer julle huis toe gaan, of môre een of ander tyd.

75 Hy het 'n staf in Sy hand gehad; 'n ou Man, het so gelyk, gesit onder 'n boom. En Hy het hom genoem "die dapper held." En Hy het gesê dat God hierdie ding gaan doen. En Hy het gesê: "God is met jou."

76 Hy het gesê: "Waar is Sy wonderwerke dan? As die bonatuurlike God hier is, waar is die bonatuurlike werke van God?"

77 Dit sou vanaand maklik gesê kon word onder ons kerke. "Waar is daardie God wat eens gelewe het? Het Hy gesterf? Is Hy weg? Jaag Hy na? Is Hy weg op 'n toer?" Nee, meneer.

78 Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. En as ons sê ons is van God, laat ons dan sien waar God is. Laat ons die tekens van God sien. As hierdie tabernakel vir God staan, laat ons God onder ons sien beweeg. Laat ons siele in die Koninkryk sien gebore word. Laat ons lewens sien reggemaak word. Laat ons sien die siekes, en die blindes, die dowes, laat ons Sy magtige werke verrig sien. God in ons midde!

79 "As God vir ons is, waar is Sy wonderwerke?" Hy het die vraag gevra.

80 Nou, as God met Sy mense is, en in Sy mense, kan hy nie . . . kan daardie persoon nie verhelp om dieselfde ding te doen wat God gedoen het nie. Want, dis nie meer die persoon nie, dis God in die man. As daardie man sondig, dan is God nie daarbinne nie. As hy die wêreld liefhet, dan is God nie daarbinne nie. En ons weet God hou Hom nie met sonde op nie. Nou sal ek julle 'n Skrif hiervoor gee, net binne 'n oomblik.

81 Jesus, toe Hy op aarde was, is Hy dieselfde vraag gevra. Hulle wou weet: "U, synde 'n man, en maak Uself God?"

82 Toe Hy die man met verlamming genees het, het Hy gesê: "Jou sondes word jou vergewe."

83 Hy het gesê: "Nou wag 'n bietjie! U, synde 'n man, en vergewe sonde?"

84 Hy het gesê: "Dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het op aarde, om sondes te vergewe, of te genees; wat is die maklikste: 'Neem jou bed op en loop,' of—of sê: 'Jou sondes word jou vergewe'?" En toe het Hy met die man gepraat, en hy het opgestaan en weggestap.

En die Fariseërs het Hom ondervra.

85 En Jesus het gesê: "As julle My nie glo nie, glo die tekens wat Ek verrig." Sien, hulle is gesê dat daar 'n Profeet, soos Moses, sou opstaan, en Hy sou die Messias wees. En Hy het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, glo My dan nie, is Ek verkeerd. Maar as Ek die werke van My Vader doen, en julle glo My nie, glo dan die werke. Wat doen die werke? Hulle sê julle wie Ek is. Hulle getuig van My. Hulle is My getuie. Nie My getuigskrifte, dat Ek behoort aan die Presbiteriaanse kerk, of die Pinksters, Ek kan My gemeenskapskaart wys nie; maar die werke wat Ek doen, die tekens van God, die tekens van die Messias, hulle is die een wat van My getuig."

86 Jesus het gesê, in Johannes 14:12, as julle die Skrif sou wou neerskryf, Johannes 14:12: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Amen!

87 Wat is dit broers? As God vir ons is, waar is Sy wonderwerke? As God in ons is, wat is dan die probleem met ons? Iets êrens verkeerd! Ja.

88 Jesus het gesê: "As julle My nie kan glo, wat Ek sê nie; kyk na wat vir My getuig, want hulle is diegene wat getuig van My. Die Here julle God het gesê: 'Daar sal 'n profeet opstaan soos Moses. En wie ook al nie na hierdie Profeet sal luister nie, sal afgesny word onder die mense uit.' Die Messias sou 'n teken hê wat Hom volg. En as daardie teken van die Messias My nie volg nie," het Jesus gesê, in soveel woorde: "glo My dan nie. Maar as die Messiaanse teken van My getuig, glo dan die teken. Want, as julle dink Ek's verkeerd, is die teken reg, omdat dit Skriftuurlik is." Halleluja!

89 Dis waarby Gideon wou uitkom. Dis waar Gideon gestaan het. "O, as daar 'n God is wat met ons is, wil ons die teken sien dat Hy 'n God is, dat Hy dieselfde God is, want Hy sal dieselfde tekens verrig." Wat het God gedoen?

90 Gideon het gesê: "Wag, en ek sal iets gaan haal, 'n offerhande." En hy het uitgegaan en 'n koei doodgemaak, of 'n lam, en hy het dit gekook. Hy het brood gebring en hy het die lam gebring, en dit neergesit.

91 En die Engel het gesê: "Ek sal hier wag." Bewys alle dinge. Toets dit aan die Woord. En hy het gesê: "Ek sal hier wag," miskien twee of drie uur.

92 Gideon kom met die sop en met die brood, en met die vleis. En die Engel het gesê: "Nou sal jy hierdeur verstaan. Dit sal dit bewys."

93 Hy het die sop op die grond uitgegooi, as 'n drankoffer. En hy het die brood en die vleis gevat, en dit neergelê op 'n rots waar hy gepars het.

94 En het die stok uit Sy hand geneem, soos 'n ou Man, 'n staf, en dit aangeraak. En toe Hy dit aangeraak het, het die rook uitgegaan, en is die offerhande verteer. Wat was dit? Hy het hom teruggeneem na die Skrif, om te bewys wat Hy was, dieselfde God wat met Elía op berg Karmel was!

95 Dieselfde Een waarvan ek vanoggend gepraat het! Wanneer jy jou siel lê op Sy brons altaar van oordeel, wat vind plaas? As Hy dieselfde God is, sal Hy dieselfde offerhande aanneem! Het jy dit in opregtheid aangebied op Sy altaar, sal Hy daardie offerhande verteer, en die wêreld sal weg wees uit jou uit. Slegs die rook sal wegval. Die offerhande sal weg wees. Ja.

96 "As U God is, en U die God van die Bybel is, wat ons vaders vertel wat wonderwerke verrig het, laat my U 'n wonderwerk sien verrig, of laat my een of ander soort wonderwerk sien, dat ek weet dat God my ontmoet het."

97 Nou mag ek dit sê. As God steeds God bly, as God dieselfde God is wat Hy was in die dae wat verby is, hoef jy nie op te gaan en hande te skud met die prediker nie, jy hoef nie jou naam in 'n boek te gaan skryf nie. Daardie dinge is in orde; niks daarteen nie. Dan gaan jy terug en word 'n kerklidmaat, met jou naam op 'n boek; en hulle gee jou 'n brief, en jy dra dit. Sodra iets verkeerd loop daar, sal jy ontplof soos, ek-weet-nie-wat-nie, en jy vat dit daar na die volgende kerk toe. En sodra iets daar verkeerd loop, dan sal jy dit na die volgende kerk toe neem. Jy sien, jy het in die eerste instansie nie reg opgetree nie. As God God bly, lê jou sondige siel op Sy altaar, en Hy sal dit aanraak met Sy Woord en Sy Krag. En die wêreld sal weg wees uit jou uit, en dan sal jy 'n nuwe skepsel wees, as Hy God bly.

98 Hy was God van die Ou Testament. Hy was God van die Nuwe Testament. Hy's dieselfde God vandag. "Gister, vandag, en vir altyd."

99 En jy weet dan, diep in jou hart, dat 'n bonatuurlike werk gedoen is deur 'n bonatuurlike Wese. Wanneer jy eens gedrink het, en gerook het, en gelieg het; en julle vroue die wêreld so liefgehad het, julle het julle grimering bly dra, en julle lang . . . of kort hare, en ander dinge gedoen het wat julle het; en julle vind uit dat iets gebeur, dat al die duiwels in die hel julle dit nie weer kan laat doen nie. Iets het gebeur, 'n God van wonderwerke het opgetree!

100 Wat het Hy gedoen? Het jou gemene hart verander, jou begeertes verander, jou natuur verander. 'n Bonatuurlike Woord, deur 'n bonatuurlike God, het 'n skepsel van tyd gemaak tot 'n skepsel van Ewigheid. Amen! Het die wêreld weggeneem uit jou uit, en Christus in jou gesit, die hoop van Glorie. En jy's vervul met Sy Gees, en gereed om Hom te ontmoet.

101 Is God God; waar is Sy wonderwerke? As God met ons is, waar is Sy wonderwerke?

102 As God met die Metodiste kerk is, waarom dra al die vroue steeds kortgeknipte hare? As God met die Baptiste kerk is, waarom rook die pastoor steeds sigarette, baie van hulle? Waarom ontken hulle steeds die Krag van—van God, om die siekes te genees, en die dooies op te rig, en te praat in tale, en tale uit te lê, en gawes van profesie? Waarom ontken hulle dit steeds, as die God van die Ou Testament en die God van die Nuwe Testament steeds dieselfde God is? As die God van die Nuwe Testament, die Heilige Gees, steeds die God is waarop die Pinksters aanspraak maak, waarom breek hulle nie hulle mure van skeiding en twis met mekaar af, en word wedergebore Christene nie? Sekerlik. Nee, een wil nie eens met die ander praat nie. Sien, die offerhande is nie verteer nie. Hulle gaan deur sensasies, hulle het dit gedoen hulle hele . . . Regdeur die jare, onder afgode, het hulle sensasies ondervind.

103 Maar die God van die—van die Bybel, dis die God, dieselfde gister, vandag, en vir altyd, brand die wêreld uit en al die verskille, maak ons nuwe skepsels in Christus. Ja. Jesus het gesê: "Hierdie getuig en sê julle Wie Ek is."

104 Die ding daarvan is dit, waarom ons al hierdie dinge het, is omdat ons steeds denominasionele verskille, geloofsbelydenisse, twiste, gewildheid, en duiwels van die wêreld ons laat verblind van die regte Waarheid van God. Dis reg.

105 Menige persoon is mislei, met ontvang van die Heilige Gees; soos ek gesê het, hulle het doktrines vandag, soos Elía se kledingstukke, en—en al hierdie ander ding, gemanifesteerde Seuns van God, en al hierdie verskillende ismes, ensovoorts, in die wêreld vandag. Mense val blindelings daarop, en gaan deur

'n soort van 'n sensasie, staan weer op met 'n arrogante gees, onverskillig, twisgierig, humeurig. Dis nie die Gees van God nie. Gaan steeds net voort, buite orde, weet nie wat Kerkorde is nie, weet nie hoe om hulle in die huis van God te gedra nie, geen maniere nie, nee, net glad geen vermetelheid nie, geen—geen gevoelens teenoor God nie, al waaraan hulle dink is "my kerk." Dit wys hulle het 'n kerkgees ontvang, en nie die Gees van God nie; want Dit slaan dit alles uit jou uit, verbrand dit. Sekerlik.

Sien, hulle sê: "Waar is Hy?" Dis, ons het 'n reg daartoe.

106 Maar, kyk, as die wolke voor die son hang, die son skyn altyd. Die enigste ding wat dit weerhou van op jou te skyn, is wolke. En as jy ontslae raak van die wolke, sal die son skyn. Amen.

107 Broer, kom weg van al ons sonde en ons twyfel en ons gejaagdhede, die Seun ["Son"] het geskyn sedert die Pinksterdag! Die Heilige Gees is vandag net so groot as wat Dit ooit was. Maar ons denominasies het die Woord van God versmoor, deur te sê: "Dis vir 'n ander dag. O, dit sal, Goddelike genesing sal in die Millennium wees." Of: "Goddelike genesing was *destyds*. Dit het nie betrekking op die dag nie."

108 Hoe kan Hy dieselfde wees gister, vandag, en vir altyd, en Goddelike genesing steeds weg wees? Hoe kan die Krag, hoe kan. . . Die Bybel het aan die orde gestel: "Eerste apostels, profete, leraars, evangeliste, pastore, as 'n bevestiging dat die Evangelie steeds leef." En God stuur hulle reg onder ons, en ons draai ons rug daarop. God faal nie, dis die mense wat gefaal het.

109 "Waar is die wonderwerke, onder ons? Waar is hulle?" God het met hierdie man gepraat, hom gereed gemaak om uit te gaan.

110 Skuif die wolke uit, die son skyn altyd. Dis reg. Wanneer twyfel weg is, en dinge reggemaak word, sal wonderwerke daar wees, net so seker as wat die Seun ["Son"] daar is.

111 Die son skyn elke dag, in die opdrag van God. Dis daar omdat God dit daar beveel het. En solank daar dag en nag is, sal die son daar hang. Sekerlik. Jy sien dit nie die hele tyd nie, omdat wolke dit bedek het; mis, wolke, laag of hoog, bedek dit. Maar dis altyd daar, sien.

112 En die enigste ding wat jy wil doen, om wonderwerke vandag te sien, as jy die wonderwerk van God wil sien, skuif net al jou twyfel weg. Skuif al julle geloofsbelydenisse opsy, skuif al julle denominasies opsy, en daar skyn die Seun outomaties.

113 Dis die Opdrag van God, want Daar staan geskrywe: "Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." So, solank as Hy vir altyd daar moet wees, is Hy daar! Geen kwessie daaroor nie, Hy's daar! Waar is die wonderwerke? Wat verhinder die wonderwerke? God het Christus gestuur, Christus is lewend vir ewig! "Waar ook al twee of drie vergader het in My Naam, sal Ek in hulle

midde wees." Amen! "Kyk, Ek is altyd by julle, selfs tot aan die voleinding van die wêreld." Daar is Hy, Sy belofte!

114 Wat is dan die probleem? Ons het die wolke van twyfel, hebsug, humeur, selfsugtigheid, denominasies, en ander dinge laat inbreuk maak op ons, inbreuk en ons wegneem van die Woord, sê: "hulle was êrens anders," verloën Christus, verloën die doop van die—van die Here, van die Heilige Gees, verloën die Christelike doop van die Naam van Jesus Christus, ander dinge, allerhande soorte dinge, wat ons geloofsbelydenisse ons weggebreek het van die Bybel. Maar in 'n . . .

115 Is dit nie 'n vreemde ding, 'n wonderwerk nie, dat in die aangesig van dit alles, Broer Way, in die aangesig van al die denominasies, in die aangesig van al die kritici, bly die Bybel steeds dieselfde? Hoe het Dit ooit die storm trotseer? God is vasbeslote om elke mens volgens die Bybel te oordeel. En die Bybel is die Woord, en die Woord is Christus. Iedereen, elke mens sal Daarvolgens geoordeel word.

116 Neem die wolke weg, wat gebeur dan, die son is net daar; die enigste ding wat jy vandag moet doen. Sê nie: "O Jesus, kom en genees my! O Jesus, gee my die Heilige Gees!" nie. Neem net die wolke weg, Hy's alreeds daar! Hy het negentienhonderd jaar gelede gekom, en Hy is steeds daar. En Hy sal altyd daar wees! "Ek's lewend vir ewig, dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Dis reg!

117 Nou, Gideon en daardie mense daar, voor hulle kon sien, of ooit kon gaan, hierdie wonderwerke van God sien, was daar 'n voorwaarde wat nagekom moes word. Om te voldoen, om die Krag van wonderwerke te sien, moes hulle glo. Hulle moes ook die profeet se Woord glo en gehoorsaam, om die wonderwerke van God te sien. Nou, onthou, voordat hulle die wonderwerke kon sien, moes hulle gehoorsaam wat die profeet gesê het.

118 En voor ons die wonderwerke van God kan sien, moet ons gehoorsaam wat die profete sê. Die Bybel is die Profeet, vir ons. Dis reg!

119 As 'n man, maak nie saak hoeveel hy homself God se profeet noem nie, van die Baptiste, Metodiste, Pinksters, wat hy ook al mag wees, wat hy homself ook al noem, as hierdie Woord nie in hom lewe nie, is hy nie 'n profeet nie. Hy mag 'n profeet wees, maar 'n valse een. Ware profete spreek van hierdie ware Woord, en plaas God dan net presies dieselfde God, dieselfde Krag, dieselfde Woorde, dieselfde alles, die ware Woord.

120 Nou, hulle moes glo. Hulle moes die profeet se Woord glo en Dit gehoorsaam, voor hulle God se wonderwerke kon sien.

121 En vandag, kan jy nie hier gaan onder valse grimering, sê dat: "Jesus is nie dieselfde gister, vandag, en vir altyd; die dae van wonderwerke is verby; en daar is nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees," en verwag om God se wonderwerke te sien nie. Jy

moet Dit gehoorsaam! En wanneer jy Dit gehoorsaam, sorg God vir die res.

122 As jy al die wolke kan terugskuif, is die son alreeds daar. Dit hang maar net daar. Die son beweeg nie, word ons gesê. Die son bly op dieselfde plek.

123 En Christus bly! En dis reg. Ons beweeg weg van Hom af, maar Hy bly. Dis reg. Die enigste ding wat jy moet doen, is jou weer omdraai en Hom eenmaal in die oë kyk, en jy sien wat gebeur. Staan voor Christus! Nie voor die kerk staan nie, nie voor die geloofsbelydenis staan nie, nie voor die titels staan nie; staan voor die Christus! Sien, nie voor die kweekskool staan nie; voor die Woord staan! Christus is die Woord. Sekerlik, Dit is. Dis presies.

124 Gehoorsaam die Woord, aan ons. Hulle moes die Woord gehoorsaam. En, vir ons, ons moet die Woord gehoorsaam.

125 As julle graag sou wou weet, ek het 'n Skrif hier neergeskryf, het gesê: "As julle in My bly, en My Woorde in julle, vra wat julle wil." Sien? Wat was dit? As God se Woord in ons is, en daarbinne bly, spreek Dit sommer vir Homself. "Vra wat julle wil, en dit sal vir julle gegee word." Nou, dit word gevind in Johannes 15:7, as julle dit wil afmerk. Sien, Jesus het gesê: "As julle in My bly, My Woorde in julle bly."

126 Nie vandag *een* ding; môre, volgende dag, iets anders; en teruggeval, en *hier* en *hierheen* en *daarheen* nie. Dit wys jy het nooit iets gekry, om mee te begin nie.

127 O, sê julle: "Ek het in tale gepraat." Mooi. Maar, jy, steeds het jy niks gekry nie. Sien? Jy sê: "Ek het in die Gees gedans." Goed, maar tog weet ek nie in watter soort gees jy gedans het nie. Sien?

128 As jy in een ding is, eendag; en die volgende week, 'n ander ding; en die volgende houtkappertjie kom aan, pik op 'n hol boom, en jy loop dit agterna en die volgende een hier, van sending tot sending, weet nie waar jy tuishoort nie, dan bly Christus nie in jou nie. Sy Woorde is nie daar nie. Want, Dis stabiel, jy sou nooit na duisternis keer nie!

129 Soos ek nou die dag gepreek het oor *'n Paradoks*, toe Josua die son laat stop het. Becky daaragter, het gesê: "Pappa, hy kon nie die son laat stop het nie," gesê: "die wêreld sou stop. Hy het die wêreld laat stop."

130 Ek het gesê: "Hy het die son laat stop." God maak nie enige foute in Sy Bybel nie.

131 Het gesê: "Hoe kon Hy die son stop, die son loop nie eens nie? Die son staan stil."

132 Ek het gesê: "Maar dit, daardie missiel daarbuite, was nie waarvan Hy gepraat het nie. Hierdie son wat beweeg het en dit lig gemaak het oor die aarde, dis die son wat Hy laat stop het."

133 Ek weet nie wat God gedoen het, om dit te laat gebeur nie, maar Hy het die son laat stop. Die son het *hierdie* kant toe gegaan, die son op die aarde, die refleksie van die son. Daardie missiel daarbuite, sou ons nie kon sien in 'n miljoen myl daarvan nie, of miljoen myle. Maar die refleksie van die son, wat oor die aarde beweeg het, van dag na nag, dis wat Josua beveel het om stil te staan, en dit het gestop. 'n *Paradoks* is iets wat "ongelooflik, tog waar," is. So, dis ongelooflik, maar tog waar.

134 Hoe kan God 'n sondaar vat, arrogant, humeurig, twisgierige man, en 'n heilige van God van hom maak? Hoe kan Hy 'n vrou vat wat so laag is, dat die honde nie eens na haar sal keer op die straat nie, en 'n heilige van God van haar maak? Ek kan jou nie sê nie. Maar Hy het dit gedoen! Dis 'n paradoks. Is beslis! Al God se groot werke is paradoks.

135 "As julle in My bly, en My Woord in julle, vra wat julle wil, en dit sal vir julle gedoen word." Johannes 14 of Johannes 15, verskoon my, Johannes 15:7. Goed.

136 Terug na Génesis, net vir 'n oomblik. Noag moes die voorwaardes nakom. Noag moes God se Woord glo, en Daarvolgens optree, voor hy God se wonderwerk kon sien. Dis reg. Noag, die groot profeet van Génesis, moes God se Woord glo, en Daarvolgens optree, voor hy God se wonderwerk gesien het. Dit het nooit gereën nie, julle weet, het nooit enige reën gehad nie.

137 En wat dink julle vertel hulle ons? Dat, daardie tydperk 'n groter tydperk was as waarin ons nou lewe, in wetenskap. Ons kan nie die piramide weer bou, of die sfinks nie. Ons het nie die maniere om 'n mummie te maak nie; ons kan dit nie so laat versteen nie. Ons kan nie die kleursel in lap sit, om te hou, soos hulle toe het nie. Ons het nie eens daardie goed nie. En dis iets wat ons modern wetenskap nie een kan vind nie. Maar hulle het dit gehad!

138 Ons het nie—ons het nie ingenieurs soos hulle gehad het nie. Daardie groot piramide in Egipte is so volmaak in die middel van die aarde, maak nie saak waar die son is nie, daar's nooit 'n skadu daar rondom nie. Ons sou nie 'n struktuur soos dit kon oprig nie. Ons weet nie hoe om dit te doen nie. Ook sou ons nie 'n piramide kon bou nie. Daar bo-in, daar rondom die kopstene en daarbinne, lê byna 'n halwe straatblok hoog in die lug, is daar stene wat biljoene tonne weeg, honderde tonne, liewer, hang bo daarbinne. Al die masjiene wat ons in die wêreld het, sou hulle nie daarbo kon lig nie.

139 Hulle vertel my dit sou sestien treintrokke vat om die been van die sfinks daarop te laai. Hoe het hulle dit daarin gekry? Hoe het dit gebeur? Hulle was slim wetenskaplikes!

140 En wat dink julle het hulle gesê vir 'n man, 'n fanatikus, veronderstel om 'n profeet te wees, wat gesê het: "Daar gaan water uit die lug kom"?

141 Ek kan hulle hoor sê: "Ons vat ons instrumente, en skiet reg in die sterre in, en daar is nie 'n druppel water tussen hier en daar nie. Waar is dit?"

142 Noag sou kon terugkom hiermee: "God het my gesê: 'Dit gaan reën'." Dis genoeg. Dit handel dit af. God het gesê dit gaan gebeur, so dis net wat gaan gebeur. Goed. (Ek moet opskud; ander broers wag.) Nee . . . Hy het gesê: "Dit gaan reën."

"Hoe weet jy?"

"Dis die Woord van die Here. Dis SO SPREEK DIE HERE."

143 "Wat gaan jy daaromtrent doen, Noag, net rondloop en daaroor preek?"

"Nee, meneer. Ek gaan gereed maak daarvoor." Sien?

"O, dit sou 'n wonderwerk wees! Die dae van wonderwerke is verby."

"Wag net 'n bietjie, julle sal dit na 'n ruk sien." Ja, meneer.

144 En wat het hy gedoen? Hy het die ark gebou voor die reën geval het. Wat het hy gedoen? Opgetree volgens die belofte. Amen. Ek voel nou net soort van pinksteragtig, voel godsdienstig!

145 Ja, neem God op Sy Woord, tree op volgens die belofte, ongeag wat plaasvind, dit hang van God af om die res daarvan te doen. Begin sommer die wolke stamp! "Lê elke las af wat julle so maklik omring." Sit al julle twyfel opsy, julle vrese, julle denominasies, julle geloofsbelydenisse, en enigiets wat teenstrydig met die Woord is. Jesus Christus is net dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Sit net julle geloofsbelydenisse opsy, sit julle denominasies opsy, sit al julle twyfel opsy, al julle verbouereerdheid opsy, en gaan net aan. Voor jy jou kom kry, sal—sal jy die laaste stuk verskuif, en Hy sal daar staan. Jy sal Hom ontmoet.

146 Noag het gesê: "Wanneer ek die ark gebou kry, sal Hy kom. Die reën sal begin val!"

"Die dag dat jy die ark gebou kry?"

147 "Al wag dit vyftig jaar, sal ek in die ark sit, daarvoor wag. Dit kom, want God het so gesê!"

148 Sien, eerste ding, hy moes homself voorberei. Hy het geweet dat God 'n God van wonderwerke was, so hy kon nie aan Hom twyfel nie. God het met hom gepraat, en hy het dit geweet.

149 Wanneer God tot jou spreek, uit Sy Woord, weet jy dit in jou hart. Wanneer al die wêreld uit jou uit is, en die dinge van die wêreld dood, weet jy dit. Wanneer, as jy die wêreld of die dinge van die wêreld liefhet, weet jy steeds, in jou hart, jy's nie reg nie.

Dis waar. So, wanneer alles weg is, dan is daar niks anders om te doen behalwe God ontmoet nie. Hy sal daar staan. Hy bly.

150 Soos die son, s-o-n, so bly die S-e-u-n net dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Daardie s-o-n wat skyn, is dieselfde son wat in Génesis geskyn het, dieselfde son wat op Elía geskyn het op daardie berg, dieselfde son wat ondergegaan het op die dag van die kruisiging. Halleluja! Dit bly dieselfde. En dieselfde Seun van God, is dieselfde gister, vandag, en vir altyd; dieselfde in Krag, dieselfde in liefde, dieselfde in tekens.

151 Wat is, vandag, 'n teken van 'n Christen? "O, hy gaan kerk toe, skryf sy naam in 'n boek, hy het 'n brief." Dit is nie die teken wat Jesus gesê het nie.

152 Hy het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hiérdie tekens volg. In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale praat. As hulle slange optel, of dodelike goed drink, sal dit hulle nie kwaad doen nie. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

153 As God met ons is, waar is Sy tekens? Sekerlik, kom terug na Sy Woord, tekens sal vir hulleself sorg sodra ons terugkom by die Woord.

154 Noag, voor hy die wonderwerke van God gesien het, soos waaroor Gideon wou vra, moes hy eers optree volgens die Woord van God. Gideon moes optree volgens die Woord van God.

155 Enigiemand anders moet optree volgens die Woord van God. Voor ek ooit kon sê dat daar 'n God was, moes ek optree volgens Sy belofte, toe het Hy Homself gemanifesteer. As julle genesing wil hê, glo Hom! Tree op volgens Sy Woord, dit sal vervul word.

156 Moses, voor hy ooit God se wonderwerke kon sien, moes hy eers optree volgens God se Woord. Hy het geweet hy het sy moeder hoor sê hy het 'n snaakse geboorte gehad, hy is weggesteek in die riete. Sy het hom gesê dat God hom geroep het en hom gekies het.

157 En hy het gedink: "Wel, siende dat ek 'n goeie militêre man is, kan ek sommer net hier uitgaan en hierdie Egiptenaar dood—doodslaan en hom in die stof wegsteek. En ek kan doen wat ek ook al wil. Dis al wat dit vereis." Maar, julle sien, dis wat hy probeer doen het. Dit was sy idee. Hy het nog nooit daardie God gesien wat die wonderwerk verrig—verrig het om hom daardie keer te laat deurkom nie.

158 Maar eendag, nadat hy tagtig jaar oud was, het hy skape opgepas, gegaan langs 'n weiveld, dalk 'n paadjie waarlangs die skape geloop het. En 'n ou herder gaan daarlangs, met 'n krom staf in sy hand, slaan langsaan die paadjie; dalk effe lam, op tagtig jaar oud; baard hang neer tot by sy middel, miskien, grys soos die skape wat hy opgepas het. En hy het Iets gesien! O God! Dit was misterieus vir hom.

159 Ek hoop ek kan julle vanaand iets wys. En ons het ’n poel water hier, gereed.

160 Hy het iets gesien wat hy nooit tevore gesien het nie. En hy het gesê: “Ek moet Dit liewer ondersoek.” Toe het hy opsy gedraai, en die Woord van die Here het tot hom gekom. Glorie! Halleluja! Die Woord van die Here het tot hom gekom. Nou, voor hy kon gaan, moes hy optree volgens die Woord van die Here.

161 En, onthou, die Woord van die Here verrig altyd wonderwerke. Hy het gesê: “Waar sal ek weet dat U met my is, en ‘jou gestuur het’?”

Het gesê: “Wat is in jou hand?”

Hy het gesê: “’n Droë stok.”

162 “Gooi dit op die grond!” Die eerste opdrag wat God Moses gegee het. “As jy wil weet dat Ek God is; jy het ’n stok in jou hand, gooi dit op die grond.”

Gideon het gesê: “Waar is die wonderwerke van God?”

163 Hy het gesê: “Lê daardie brood op die altaar, Ek sal jou wys Wie God is.” En Hy het dit aangeraak met Sy staf; en die rook het opgegaan, en dit is verteer.

164 Moses het gesê: “Wie sal ek sê het my gestuur? Hoe weet ek dat U God is?”

165 Hy het gesê: “Wat het jy in jou hand? Ek’s die Skepper van lewe. Ek is die wonderwerkende God.” En voor Moses ooit die Krag van God kon sien wat al die dinge verrig het, moes hy eers God gehoorsaam. Hy het die stok op die grond gegooi, dit het ’n slang geword. Sjoe! O, goeiste! Wat? Is . . .

Gehoorsaamheid kom eerste, voor jy Sy wonderwerke sien!

166 Hierdie sogenaamde kerke in die lande rond vandag, sê: “Wel, waar is al die wonderwerke? Ons sal ’n duisend dollar gee vir enigeen wat sal toelaat, ’n wonderwerk sal voortbring.” Julle, arm, moedswillig, teruggevalle, twee keer dood, uitgepluk aan die wortels!

167 Hoe gaan julle ooit ’n wonderwerk sien, voordat julle een word? Glorie! ’n Wonderwerk van God se genade, om ’n ongelowige twyfelaar te vat en hom te vervul met die Heilige Gees! Jesus het gesê: “Tensy ’n mens wedergebore word, kan hy nie eens die Koninkryk van God sien nie.” As jy ’n wonderwerk wil sien, word een. Laat God op jou inwerk, eers. Hy het heelwat herstelwerk om te doen, paar ander lense om oor jou oë te sit, omdat jy blind is, dood in sonde en oortredinge, geestelik blind, dubbeld dood. Reg! God moet jou Lewe gee, jou oë aanraak sodat jy kan sien; ’n wonderwerk verrig, en jou ’n wonderwerk maak, en dan kan jy die wonderwerkende God sien. Dis die eerste ding.

168 Moses moes Hom glo. Moses moes reageer Daarop, reageer op wat God se Woord gesê het. Hy wou sien of dit God was of nie. Hy het gesê: "Wel, Moses, reageer op wat Ek jou sê."

169 Nou, luister hier, vanaand, broer, suster. As julle wil weet Wie God is, reageer op wat Hy Hier sê. "Bekeer julle, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, en julle sal 'n wonderwerk word." Dis Sy belofte. Dis wat Hy gesê het. Reageer op Sy Woord: "En julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang; want die belofte is vir julle en vir julle kinders." O, dis net vir die apostels? "En dié wat daar ver is, en selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Dis waartoe die belofte is.

170 Reageer op Sy Woord, en julle sal 'n ware wonderwerk sien. Iets sal plaasvind wanneer jy op Sy Woord reageer. Soos Gideon het, hy het gedoen wat Hy hom gesê het om te doen! Soos Noag gemaak het, hy het gedoen wat Hy hom gesê het om te doen! Soos Moses gemaak het, hy het gedoen wat Hy hom gesê het om te doen!

171 Het gesê: "Gooi jou stok neer!" Met ander woorde: "Raak ontslae van alles wat rondom jou is!" Amen. "Gee dit vir My!"

172 Sê: "Ek het 'n vreeslike humeur." Gee dit vir God, Hy weet hoe om dit te laat bedaar. "Ek het 'n klomp welluste." Hy weet hoe om dit weg te neem. Sien? Plaas dit net in Sy hande, en kyk wat 'n wonderwerk kan doen. Dis reg. Goed.

173 Moses moes werk volgens die Woord van God, voordat, of, die Woord van God gehoorsaam voor hy God se wonderwerke kon sien. Maar nadat hy dit eenkeer gesien het, broer, daar's niks wat hom toe gaan stop nie.

174 Ek sien hom, die volgende dag, wat Sippóra wat op hierdie esel sit, en—en klein Gersom op sy heup, op haar heup, liewer, baarde wat *so* afhang. Broer, daardie gesig het geglimlag, daardie oë vonkel bo na die lug toe. Van 'n skaapwagter na 'n magtige man van God; 'n dapper man, gaan om te verlos. Kyk na Gideon! Wat het gebeur? Ja, meneer, gaan met 'n krom staf, om 'n nasie oor te neem. Hy het dit gedoen. Sekerlik, hy het. God het hom gesê om dit te doen.

175 Maak nie saak hoe onwerklik dit lyk nie, jy doen net wat God jou sê om te doen. Jy sal uitvind dat Sy Woord steeds dieselfde is. Kry net die wolke weg, die Seun skyn alreeds.

176 Josua, o, daardie groot veroweraar! O, die opvolger van Moses! 'n Man wat God liefgehad het, 'n magtige krygsman! 'n Man wat God liefgehad het! God het vir hom gesê: "Soos Ek met Moses was, so sal Ek met jou wees." Maar voor die mure geval het, het Josua gemarsjeer volgens die Hoofkaptein se bevele; rondom die muur, dertien keer, voordat die Krag van God ooit die ding getref het. Hy het rondom die muur gemarsjeer, en 'n basuin laat weerklink, volgens die Woord van God wat die Hoofkaptein hom daarbuite gesê het toe Hy hom ontmoet het. Hy het gemarsjeer

volgens die Woord van God. Wat het hy gedoen? Hy het gehandel volgens die Woord, voor hy die wonderwerk gesien het.

177 Weet julle, bloot om 'n basuin te blaas, skud nie 'n muur om waaromheen jy strydwa wedrenne kon hou nie; 'n basuin laat weerklink nie. Maar God het gesê: "Net, marsjeer net rondom die mure, sewe maal, en, die laaste dag, marsjeer sewe." En dertien keer. "En soos julle om die muur gaan, op die laaste keer, laat die priesters voor gaan, met die ark, en laat 'n basuin weerklink. En wanneer die basuin weerklink, sal die mure omval." Wat het hulle gedoen? Hy het die wonderwerk van God gesien, nadat hy gehandel het volgens die Woord van God.

Waar is julle wonderwerke? Handel eers volgens Sy Woord.

178 Hoe kon die mure omval, en een huisie staande los, 'n hoer se huis? Omdat sy gereageer het op die Woord van God. Waarom het die res van hulle gesterf, en sy gelewe? Sy het gereageer op die Woord van God, en sy het die wonderwerk van God gesien. Dis die manier om dit te vind, reageer op die Woord.

179 Die Hebreeuse kinders, by die vuuroond. Wat het hulle gedoen voor hulle die wonderwerk van God gesien het? Hulle het gehandel volgens die Woord van God. Hulle het geweet Hy was God. Hulle het geweet Hy was die God wat hulle uit Egipte uitgebring het. Hulle—hulle het geweet hulle was. . .Hy was dieselfde God wat altyd was, dat Hy die wonderwerkende God moes wees.

180 En Hy het hulle 'n opdrag gegee "om nie voor afgode te buig nie." Hy verander nie. "Bly by My Woord! Buig julle nie voor afgode nie!"

181 Wat het hulle gesê? "Ons God is in staat om ons van hierdie vuuroond te verlos. Maar, nogtans, gaan ons handel volgens Sy Woord!" Daar was dit. Wat het gebeur? Toe het hulle die wonderwerk van God gesien, dat God die vuur kon weerstaan.

182 Is julle siek? Handel volgens Sy Woord, kyk of Hy genees. As jy 'n sondaar is, en vervul wil word met die Heilige Gees; kom, bekeer jou, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus. En handel volgens Sy Woord, kyk wat gebeur. As jy steeds die wêreld in jou het; en julle vroue steeds kort hare dra, julle steeds grimering dra; julle mans steeds met humeure, en twis oor julle denominasies; as julle wil uitvind of Hy steeds God is; handel Daarvolgens, en lê jouself op Sy altaar, kyk wat plaasvind. Hy's God. Jy moet eers volgens Sy Woord handel.

183 Daniël, voor hy die wonderwerk van God gesien het, hom uit die leeukuil kon verlos, die eerste ding wat hy gedoen het, was optree volgens die Woord van God.

184 Die proklamasie het uitgegaan: "As enigiemand bid tot enige ander god behalwe hierdie afgod, vir *soveel* dae, sal hy in die

leeukuil gegooi word." Niemand kon bid tot enige ander god behalwe die Koning nie; hy moes god wees, sien, vir dertig dae.

185 Maar wat het Daniël gedoen? Hy het gehandel volgens die Woord van God. Want, toe Salomo die tempel toegewy het, het hy gebid, het hy gesê: "Here, as U mense in die moeilikheid is, enige plek, en sal kyk na hierdie heilige tempel, hoor U hulle dan uit die Hemel." Dis reg.

186 Daniël het opgetree, eers. Die dreigement was: "Jy gaan in die leeukuil in." Maar Daniël het gehandel volgens die Woord van God. Hy het geweet dat God steeds God was. Net soos Gideon het; hy het geweet dat God, as Hy steeds God is, waar is Sy wonderwerke dan? En Daniël het geweet hy was 'n profeet, hy het geweet hy het God liefgehad. Hy het geweet hy was Sy dienskneg, en hy het geweet God was in staat om hom van daardie leeus te verlos. Maar as hy in die moeilikheid was, onder 'n dreigement, het hy sy aangesig gekeer na die tempel, en drie keer per dag gebid, net presies. Hy het gehandel volgens die Woord van God, en God het hom so vol van die Heilige Gees vervul, dat die leeus hom nie kon eet nie. Dis reg. Dis reg. Hy het eers gehandel volgens die Woord van God.

187 Jona, in die maag van die walvis, het eers gehandel volgens die Woord van God. Hy het geweet hy was weg, wat die fisiese betref. Sy hande was geboei, sy voete was geboei. Hierdie prediker vir die Heidene, is uit die skip gegooi, in die walvis se maag in, en af na die bodem van die see. Nou watter toestand is hy nie in nie! Maar eers het hy homself omgedraai, onderin die walvis, seegras was om sy nek gedraai. Waar die—die walvis hierdie grasse en dinge aan die eet was, om vitamiene in sy liggaam te sit, sy vitamienpille, en toe kry hy 'n prediker daarin. Maar hierdie prediker het tot homself gekom! Halleluja!

188 O, broer, prediker, kom tot jouself vanaand! Kom weg van daardie ou geloofsbelydenisse en dinge, en kom terug na 'n lewende God, na 'n lewende Woord.

189 Hy het tot homself gekom, hy het omgerol. Jy kan nie 'n heilige versteek van sy gebed nie. Hy het omgedraai, en hy het gekyk, oral was walvismaag, oral rondom hom; oos, noord, wes en suid. En hy het besef dat hy in die walvis se maag is, en diep op die bodem van die see, en 'n storm op die see. Alle hoop was verlore toe hy in die skip was; en nou was hy in die walvis se maag; verder van hoop af as ooit. En toe hy slegs die walvis se maag kon sien, het hy gesê: "Hulle is ydelhede wat lieg. Ek sal hulle nie meer glo nie. Maar ek sal na U heilige tempel toe kyk, Here." Die Heilige tempel, het nie afgekyk nie; hy het gesê: "Dis *daarbo*, so ek kyk daarnatoe."

190 En toe het hy God se wonderwerk gesien. Op 'n manier het suurstof in die walvis se maag ingekom. Hy het net normaal asem gehaal vir drie dae, en het 'n lekker rus en reis gevat,

sodat hy hierdie veertig dae kon vat. . . reis dwarsoor, die bose stad daaronder, om die Evangelie te verkondig. Het heel verkwik geraak met bietjie nuwe suurstof uit die Hemel. Dit kon nie uit die walvis gekom het nie, en dit kon nie uit die see gekom het nie, so dit moes van God af gekom het!

191 O, blaas vanaand op ons, Here, daardie Suurstof van die Woord van God, in die Krag van Sy opstanding, dat ons kan bly lewe in hierdie laaste, bose dag. Blaas op ons, O Heilige Gees! Dis dit, broer. Blaas, Here, vul ons met Suurstof!

192 Soos ek julle vertel het vanoggend van die eend. Sodra hy die water geruik het, was daar niks wat hom daarvan sou kon weghou nie; al die gekloek van die hen, en wat nog nie. Hy het reguit water toe gegaan, omdat hy 'n eend was.

193 Nou, as daar enige van julle is wat eend-geaardheid het, ons het 'n yslike groot poel hieragter, sien. As julle kan ruik, as julle 'n reukie gekry het dat God dieselfde God bly, as julle vanaand 'n geurtjie van die Hemel gekry het, dat God Sy Woord hou en Hy 'n wonderwerkende God is, en julle het nog nie die Heilige Gees ontvang nie; ruik die water, die eerste ding wat Hy gesê het om te doen. Sekerlik. Bekeer jou, uit die diepte van jou hart, en lê jouself as 'n offerhande op die altaar; en jy sal verteer word, vir die wêreld, en wedergebore uit die Gees; en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, Hy sal jou met die Heilige Gees vervul. Gaan deur die regte proses; nie kom handskud met die prediker en jou naam in die boek skryf nie, maar sterf, so dood dat jy die wêreld nie meer ken nie.

194 Abel het gesterf op dieselfde altaar saam met sy lam. En die enigste manier hoe jy ooit gaan reg wees by God, is sterf op die altaar saam met Christus, totdat alles swartgemaak raak rondom jou. Sterf daar! En wanneer jy weer opstaan, sal jy 'n nuwe Skepsel in Christus wees. Sekerlik.

195 Jona moes God se Woord glo, en Daarvolgens optree, eers. Nou, hy het waarskynlik gelê met sy gesig na onder, toe hy afgegaan het in die walvis se maag, omdat hulle hom pas afgegooi het; het sommer afgeseil reg in die valvis se maag in. Die walvis het gesê: "Wel, ons sal nou afgaan na die bodem van die see toe."

196 En ek wonder wat daardie walvis gedink het in daardie drie dae, 'n snaakse ding was aan die gang. Nou, julle sien, die gebou, van die walvis, het dit nie waardeer nie. Ook waardeer die kerk-denominasionele organisasie dit nie. Maar, o, hoe het Jona dit nie geniet nie! Sekerlik, hy het dit geniet, omdat dit vars lug was wat God op hom gewaai het, en hy het lewendig gebly. God, waai die vars Lug op ons!

197 As Jona 'n wonderwerk soos daardie kon verrig, deur die Woord van God te glo, vir 'n natuurlike tempel; waar 'n man, wat uiteindelik afgedwaal het, Salomo, gebou het, maar God gevra het, in gebed, om te seën wie ook al na daardie tempel

gekyk het, en hulle uit hulle probleme te verlos, waar hulle ook al was; en Jona kon glo, onder daardie omstandighede. Hoeveel te meer kan ons glo, vanaand, om na die Hemel te kyk; waar, nie 'n afgedwaalde nie, nie 'n mens wat gesterf het en in die graf gebly het nie, soos Jona . . . of soos Salomo toe was nie; maar 'n lewende God Wat sit aan die regterhand van die Majesteit, alle Mag en outoriteit, en verkondig die Woord en stuur die Heilige Gees uit as 'n getuie dat Hy het. Amen. Glo die Woord van God, julle sal die wonderwerke van God sien. Maar jy moet Dit eers glo. Was sekerlik. Ja.

198 Gideon, nadat hy hierdie Besoeker sien sit het onder die boom, en Gideon het Hom soort van bevraagteken, aanvanklik. Hy het gesê: "As God steeds God bly, as God met ons is, waar is Sy wonderwerke?" En hierdie—en hierdie Besoeker wat onder die boom sit, wat het Hy gedoen? Toe Hy daardie offerhande aangeraak het met die staf wat Hy in Sy hand gehad het, is dit verteer. En hy het geweet dit was die aksie van God, so hy het toe geweet dat die Besoeker onder die boom, wat gelyk het soos 'n ou Man wat daar sit, was die Woord wat vlees geword het. Halleluja! Dit was die lewende Woord. Hy het geweet dat dit die lewende Woord was, omdat Dit opgetree het en geleef het in teenswoordige tyd. Glorie aan God, broer!

199 Pinkster is goed, maar dis 'n geskilderde vuur as jy Dit nie self ontvang het nie. Nie 'n verlede tyd nie, 'n teenswoordige tyd! Watter nut het 'n God van geskiedenis as Hy nie vandag dieselfde God is nie? Soos ek dikwels gesê het, watter nut het dit om jou kanarie, voëltjie, vitamiene te gee om sy vlerke te laat groei, en hom in 'n kou te sit en hom daar te hou? Watter nut het dit om te leer dat daar 'n God van Krag is, en dan die mense die voorreg te ontsê om Hom te dien? Amen. Sekerlik. Onsin!

200 Waarom het julle al hierdie kweekskole hierrond, soos 'n groot broeikas, wat predikers uitbroei? Sien?

201 Ek het altyd jammer gevoel vir 'n broeikashoender, hy het nie werklik 'n mammie gehad nie. Hy het nooit geweet van waar hy gekom het nie. Niemand om hom te bemoeder nie, hy word meganies groot.

202 Dis omtrent hoe dit is met 'n kweekskool-prediker wat slegs teologie ken. Hy kan dalk so slim en gepoleerd wees as wat enige geleerde sou kon wees, hy mag in staat wees om in baie verskillende tale te preek, maar as hy nie weet wie sy Ouer is nie!

203 Soos ek nie lank gelede nie nie, gesê het; as enige ding 'n onkundige ding is, is dit 'n muil. Hy weet nie wie sy pappa of mamma is nie. Hy's 'n baster ding, sien, hy weet nie wie, wat pappa, mamma nie. Hy weet nie waar hy tuishoort nie. Dis soos sommige van hierdie baster Christene, sogenaamd, ingeteel deur denominasies. Maar 'n goeie opreggeteelde perd het 'n stamboek, hy weet waaroor dit alles gaan.

204 En 'n goeie opreggeteelde Christen weet waar die Stoorkamer van God is. Hulle weet dat hulle uit die Woord gebore is. Die Woord word vleesgemaak in hulle. Elke Woord wat God sê, hulle verskil nie Daarvan nie; hulle sê: "Dis reg! Amen, en amen!" Hulle beaam dit met 'n "amen," elke keer. "Amen! Amen!" Iets binne-in hulle beaam Dit, Self.

"Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

"Amen!"

"Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen."

"Amen!"

205 "Gaan julle die hele wêreld in, verkondig die Evangelie aan elke skepsel. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word. En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

"Amen!"

206 Die ou hen het gesê: "Kloek-kloek-kloek, en die dae van wonderwerke is verby."

Maar: "Kwaak-kwaak-kwaak, ek ruik die water!"

207 Sien, dis dit. Dis reg. Sien? Waarom? Jy stel God op die proef. Sien, dis dit, God eerste. Handel volgens Sy Woord, en kyk of Dit reg is. Dis waar.

208 Johannes die Doper het sy verpligtinge reg nagekom. Toe hy maar net 'n—'n seun was, ons het nie veel rekord nie.

209 Sy vader was 'n goeie man, maar het God nie geglo nie. God sou, het besluit om, dit deur Elisabet te bring, hierdie baba. Toe het Hy haar gesê, hom gesê hy . . . Sy sou hierdie kind verwag. En hy het daaraan getwyfel, en Hy het hom stom geslaan. Ek sou my voorstel die hart van Johannes die Doper se ouers, Elisabet en Sagaria, was soort van bedroef, want hulle het geweet hulle was oud. En hierdie beloofde kind wat gebore is, dat God 'n wonderwerk verrig het en hierdie kind in die wêreld gebring het, toe hulle oud was en verby die ouderdom. Hulle het geweet dat hulle harte bedroef was, omdat hulle nie lank genoeg kon lewe om hom sy groot werk van God te sien verrig nie. Maar hulle het hom daaraan toegewy! Glorie aan God! Êrens anderkant die sterre en maan, kon hulle afkyk en dit sien. Hulle sou nooit hierdie seuntjie sien nie . . . Hulle is dood. Hulle is dood toe hy nog net 'n kind was, 'n jong kêrel. 'n Seun, het hy sy huis verlaat en in die wildernis ingegaan. Daar het hy grootgeword, onder die Krag van God.

210 God het hom gesê: "Jy's die stem van een wat roep in die woestyn. Ek stuur jou uit. Gaan, en roep!"

211 Hoe moes Johannes nie elke dag gewag het nie, soos hy die slange in die rotse jaag, en die klippie skop. "O, ek kan nie wag nie!"

"Waarop wag jy, Johannes?"

212 "Net, ek wil Sy opdrag hoor, dis al." "Kom uit die pad uit, slange!" Hulle sou dit maak vir die rotse. Dis hoekom, toe daardie Fariseërs uitgekom het, het hy gesê: "O, julle addergeslag, maak dit vir die rotse!"

213 Ek sê vanaand dieselfde ding. Julle addergeslag, maak dit vir die water! Amen. Julle weet waarvan ek praat. Hierdie bande, dit word op band opgeneem, dit gaan oraloor die wêreld. Maak dit vir die water, as julle God se wonderwerke wil sien!

214 Johannes volg reg daarlangs. 'n Aansienlike kêrel kom nader; hy het gesê: "Dalk is dit Hy." Hy het gekyk. "Nee, dis nie Hy nie. Nee. God het my 'n belofte gegee."

"Johannes, jy sê die Messias lewe vandag?"

"Ja."

"Waar is Hy?"

215 "Hier op aarde, êrens. Ek weet nie waar Hy is nie, maar ek sal Hom ken as Hy kom."

"Hoe weet jy?"

"God het my gesê waarna om te kyk."

216 "Hoe weet jy jy gaan genees word wanneer vir jou gebid word?" God het vir my gesê waarna om te kyk. "Hoe weet jy jy gaan die Heilige Gees ontvang?" Ek volg Sy Woord. Hy het my gesê waarna om te kyk, ek weet wat kom volgende, sien. Weet julle wat kom volgende? As julle God se Woord sal gehoorsaam, kom Sy belofte volgende. Hy kan nie lieg nie; Hy's God.

"Wat is volgende?"

Johannes het gesê: "Ek sal Hom sien wanneer Hy kom."

217 Hulle het gesê: "O, kyk na hierdie kêrel wat hier kom. Dit, hy het 'n kroon op sy kop, dit moet die Messias wees, wat daardie perde dryf."

Gesê: "Dis nie Hy nie."

218 Het reg na hom toe geloop, gesê: "Dis nie reg vir jou om jou broer se vrou te hê nie!" Hulle het geweet daar was iets verkeerd daar. Het na hom toe geloop, en hom gesê. Dit was Herodus, julle sien. En, o, dit het sy vrou so woedend gehad, sy het hom gehaat so lank as wat sy gelewe het. Sien?

219 Johannes het bly kyk. Hy het gesê: "O, ek sal Hom herken wanneer Hy kom."

"Hoe weet jy?"

220 "God het my gesê ek sal 'n teken sien, en dit sal 'n Messiaanse teken wees. Ek sal die Messias herken, want die Messiaanse teken sal daar wees."

221 God ken Sy Kerk. Hy het gesê: "Hierdie tekens sal hulle volg." Nie: "hulle sal behoort aan die Metodiste, Baptiste, of

Pinksters" nie. Maar: "Hierdie tekens sal hulle volg wat glo." Hy ken gelowiges.

Somtyds sê julle, vandag: "Is jy 'n gelowige?"

222 "O, ek's Metodis." Wel, dan wys dit jy's nie 'n gelowige nie, sien. "Ek's Pinkster." Dit wys steeds jy's nie 'n gelowige nie.

223 Wanneer jy 'n gelowige is, glo jy God! Almal weet dit, jy is verseël deur die Koninkryk van God; en 'n seël is op beide kante van die blad, beide kom en gaan. Sien, jy kan hulle uitken. Goed.

224 Hy het gesê: "Ek sal Hom ken wanneer Hy kom, want daar sal 'n teken wees. Ek sal die Messiaanse teken sien." En eendag het hy gekyk . . .

225 O, broer! Waarom? Hy was op soek Daarna, dis hoe hy Dit herken het. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] Ek hoop dit sink in. Is julle op soek na Hom? Hou julle dop vir iets om plaas te vind? Ken dan die Skrifte!

226 Nou, al daardie priesters wat daar rondstaan, was vyf keer slimmer as Johannes. Ons het nie rekord van waar hy een dag skool toe gegaan het nie. Maar daar het priesters gestaan, wat hulle groot-groot-groot-grootoupas priesters was. Daar het manne daar gestaan wat elke duim van daardie perkamentrol geken het, al die profete en Génesis, en alles daaroor. Maar, julle sien, Johannes was op soek na 'n teken, 'n Messias! Hy het geweet as dit God was, sou daar iets bonatuurliks daaraan wees. Dis reg.

227 So is dit vandag! As jy 'n Christen is, het daar iets bonatuurliks jou getref. As dit jou nie getref het nie, is jy mislei. Jy steeds dieselfde lewe lei wat jy eens gelei het, steeds dieselfde dinge liefhet wat jy steeds aan die begin liefgehad het, jy steeds lief is vir hulle, is jy mislei; dis reg, nie 'n seun of 'n dogter van God nie.

228 Dan vind ons uit, Johannes het eendag daar gestaan, en hulle sê 'n . . . gelees in 'n—'n—'n storietjie oor Hom, gesê dat Johannes aan een kant van die rivier was, hulle het hom klaar teruggedruk aan die anderkant. Dis hoe hulle maak met 'n dienskneg van God, druk hom terug uit elke denominasie, elke organisasie, alles anders. Hy het nie 'n preekstoel gehad om in te staan nie; maar hy was in modder tot by sy knieë. Hy het nie 'n aandpak aangehad nie, en sy kraag ook nie omgedraai nie. Nee, meneer. Hy het 'n stuk skaapvel om hom gedrapeer gehad, het waarskynlik gelyk soos 'n wilde man wat daarbuite staan.

229 En daardie priesters het gesê: "Bedoel jy om vir my te sê dat daar 'n tyd sal kom wanneer hierdie groot tempel, ons groot organisasie, sal val?"

Hy het gesê: "Sekerlik, dit sal."

"Hoe weet jy dit?"

230 "Hoe lees julle die Skrif? Daar kom 'n Messias, en daardie Messias sal die daaglikse offerhande wegneem. Daniël het so gesê! Die profeet het so gesê!" Halleluja!

O, ek voel al hoe meer godsdienstig! (Ek moet ophou.)

Hoe weet jy dit? Die profeet het so gesê!

231 Dis hoe Miga geweet het dat hy Agab nie kon seën nie; Elía het hom klaar vervloek. Dis al. Hy moes by die Woord bly. Wil julle die werke van God sien, moet julle die Woord van God volg. Hy het geweet dit kon nie gebeur nie.

232 So wat het toe gebeur? Hy wou die werke van God sien. Johannes het gesê: "Ek sal Hom herken wanneer Hy kom."

233 Eendag het hy daar gestaan, het hy gesê: "Ja, daar sal 'n tyd kom dat die daaglikse offerhande weggeneem sal word. Die Messias sal die daaglikse Offerhande wees. En die gruwel wat verwoesting skep, sal intree."

"Rabbi, waar kry jy dit? Dis teenstrydig met ons geloofsbelydenis."

234 Maar Dit is nie teenstrydig met God se Woord nie. Daar's 'n profeet, want die Woord van die Here was met daardie profeet. Dis reg.

235 En hy het gesê dat: "Aanskou, daar staan die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem!" 'n Gewone, klein, kromskouer Kêrel staan daar, kom aangestap na die rivier toe, stap saam met Lásarus. Net 'n gewone Man, geklee soos gewone manne; geen priester, geen tulband, geen kroon, geen niks nie; net 'n arm Seun, Skrynwerker, kom aangestap, met Sy hande vol splinters, dalk; kom aangestap.

"Wil jy vir my sê. . . "

236 "Wat? Kan julle Hom nie daar sien nie? Aanskou!" Beteken: "Sien op na, eerbiedig! Daar is die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem."

237 Sommige van hulle het gesê: "Wel, weet julle Wie daardie is? Dis daardie skrynwerker se seun. Nou, ons weet daardie vent is geen profeet nie." Maar, Hy was. Hy was. Hy het geweet. "Waarom? Hy weet nie waarvan hy praat nie?" Ja, hy het. "Hoe kon hy sê Hy is enigsins verskillend van enige ander man?" Die Messias sal anders wees. "Hoe sal ons dit weet?" Johannes het iets gesien wat hulle nie het nie.

238 Hang af van waarna jy kyk. Wat sien julle vanaand? Sien julle 'n groot, gewilde man, 'n groot denominasie, en alles val julle in die skote? Of, neem julle slegs die weg saam met die Here se veragte enkeles? Sien julle die Bybel? Sien julle God se Woord? As jy wedergebore is, sal jy Dit sien. Totdat jy is, kan jy Dit nie sien nie.

239 Hier kom Hy. Hy het gesê: "Hy wat my gesê het, in die wildernis!" O, broer! "Hy wat my gesê het om te 'roep'! Ek is al vir ses maande hier aan die roep, regdeur in die aand, hier oral, op-en-af met hierdie Jordaan, waad in hierdie modder; twis met julle predikers, skop julle denominasies rond, trap op julle seer tone. Maar die Ding is hier, ek sien Dit!"

"Hoe weet jy?"

240 "Dieselfde Een wat my gesê het om ''n stem roepende in die woestyn te wees,' God het my vir daardie doel laat opstaan, het gesê: 'op Wie' ek 'die Gees sal sien.'"

241 Johannes het Hom geken. Wat het hy gedoen? Hy het die Woord eers verkondig, die Woord gehoorsaam, en hy het die teken van God gesien. En, onthou, dis nie op rekord dat enige ander persoon wat daar staan, Dit gesien het nie. Net Johannes het Dit gesien. Dit hang af van waarna jy op soek is. Waarom? Johannes het die Woord gehoorsaam. Priesters en hulle het nie die Woord gehoorsaam nie. Johannes het die Woord gehoorsaam, sy opdrag, en hy het Dit gesien. (Ons sal gou opskud; moet.)

242 Marta, by die graf. Sy het die Woord van God ontmoet. Sy het Dit geglo. Voor sy die wonderwerk van God kon sien, moes sy die Woord van God glo en handel Daarvolgens. Sy het gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie."

243 Hy het gesê: "Marta, Ek is die opstanding en die Lewe. Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. En wie ook al lewe en glo in My, sal nooit sterwe nie. Glo jy dit?"

Sy het gesê: "Ja, Here." Daar het julle dit, handel! "Ek glo."

"Wat glo jy, Marta?"

"Dat U die Christus is wat in die wêreld sou kom."

Het gesê: "Waar het julle hom begrawe?"

244 Kom daar by die graf, en daar het Hy daar gestaan. (Gesê: "Ek wil sien of sy regtig glo dat Ek die Woord is.") Gesê: "Neem die steen weg."

245 Sy het gaan handel op die Woord! Sy moes, om dood tot lewe te sien keer.

246 En die enigste manier waarop julle ooit dood tot lewe sal sien keer, is neem Sy Woord en handel Daarop!

247 As jy 'n sondaar is, neem Sy Woord en handel Daarvolgens, dan sal jy die wonderwerk van God sien. Jy word 'n wonderwerk van God.

248 As jy siek is, neem die Woord van God! Dokter sê: "Jy gaan sterf." Neem die Woord van God en handel Daarvolgens, dit sal nuwe lewe bring. O, goeiste!

249 Jammer om julle so lank te hou. Nog net 'n paar, dan sal ek ophou. Sien, nog net 'n paar. Eerlikwaar, ek sal. Ek is jammer om my broers se tyd te vat. Sien, los hulle net twee-uur preek. O.

250 Die vrou by die put. Sy was 'n sondaar. Sy het vyf mans gehad. Sy het eendag daar aangekom, om bietjie water te kry. Sy het die water begin optrek, en sy het 'n Man hoor sê: "Vrou, bring vir My iets om te drink."

251 Sy het rondgekyk, en sy het gesê: "Dis nie gebruiklik vir Jode om met Samaritane te praat nie. Ek is 'n vrou van Samaria. En dis nie gebruiklik nie. Waarom sou U met my wou praat?"

252 Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My gevra het vir iets om te drink."

253 "Wel," het sy gesê: "die put is diep, en U het niks om mee te skep nie." Gesê: "Hoe, hoe—hoe gaan U iets kry om te drink?"

254 En Hy het gesê: "Die Water wat Ek gee, sal 'n fontein van Water wees, 'n bruising, wat opborrel in die siel."

255 Sy het gesê: "Nou, wag 'n oomblik. U is 'n Jood, U aanbid by Jerusalem, en ons vaders aanbid by hierdie berg," ensovoorts.

256 Hy het gesê: "Glo My! Die uur kom, en is nou, wanneer julle nóg by Jerusalem, nóg by hierdie berg sal aanbid. Maar God is 'n Gees, en hulle wat Hom aanbid, moet Hom in die Gees aanbid."

257 Ongetwyfeld het die vroutjie gesê: "Nou, wag 'n oomblik. Wie is hierdie Kêrel, in elk geval?" Hy wou hê sy moes weet Wie Hy was, omdat sy Hom aan die Samaritane moes voorstel. "Wie is Hy?" sy het gesê.

258 Hy het 'n paar minute met haar gepraat. Hy het gesê: "Vrou, gaan haal jou man, en kom hiernatoe."

259 (Maar het gesê: "Nou hou Hy Hom slim," sien.) Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie." Uh-oh!

260 Toe het die stok op die offerhande gegaan. Sien, iets het gebeur. Wat het gebeur? Sy het die wonderwerk van God gesien. Het gesê: "Jy't die waarheid gepraat. Want, jy't vyf gehad en die een saam met wie jy nou lewe, is nie jou man nie, so jy het die waarheid vertel."

261 Sy het omgedraai. Sy het geweet dat God, vir die mense, al jare dood was; hulle priester en rabbi's ensovoorts, hulle het oor 'n God gepraat. Maar was in die Bybel belowe dat daar Een sou kom!

262 Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is." Sien? "Ons weet dat die Messias kom." ("Nou laat ek seker wees hiervan.") "Ons weet dat Messias kom." ("Ek sal Hom dit vra, en ek sal sien wat Sy woord is; 'n man kan my nie dit sê, wat God nie ken nie.") "Ons weet dat Messias kom, Wat die Christus genoem word. En wanneer Hy kom, is dit die ding wat Hy sal doen, wanneer Hy kom. Ons is op soek na Hom."

Hy het gesê: "Ek is Hy."

263 Dit was genoeg. Dit was genoeg. Sy het in die stad ingehardloop. Sy het gesê: "Kom, sien 'n Man wat my die dinge vertel het wat ek gedoen het."

264 Voordat sy daardie boodskap kon bring, moes sy eers die wonderwerk van God sien. Voordat sy die wonderwerk van God kon sien, moes sy God op Sy Woord neem. Dis presies reg.

O, goeiste, hoe sou ons nie kon voortgaan nie! Laat ons nog een kry.

265 Pinkster. Nadat hulle met die Woord gewandel het, nadat hulle die Woord gesien het, nadat hulle die Woord geglo het; maar voor hulle die wonderwerk van Pinkster kon sien, moes hulle die Woord gehoorsaam. Sien? "Gaan na die stad Jerusalem," het die Woord gesê: "en wag daar totdat julle toegerus word met Krag van Omhoog."

266 Nou, wat as agt dae om was, Matthéüs daar na Markus gekyk het, en gesê het: "Weet jy wat? Ek het 'n snaakse gevoeletjie gehad nou die dag, dit moes die Heilige Gees gewees het. Hy het ons gesê om hierbo te wag. Sien, dit moes Dit gewees het."

"O, laat ons nog 'n dag wag."

267 Die negende dag kom aan. "Wel, nou, Hy het ons gesê om hierheen te gaan, nege dae gelede. Sekerlik, dink julle nie ons het Dit ontvang nie? Ek glo ons het Dit gekry toe ons Hom geglo het. Dink julle nie so nie?" O, julle goeie Baptiste! Sien? Het gesê: "Ek glo. Ek glo ons het Dit gekry, omdat Hy ons gesê het om hierheen te kom. En weet julle wat glo ek? Ek glo, sodra ons hierheen gekom het, het ons gehoorsaam wat Hy gesê het."

268 Maar wat het Hy gesê? Hy het nie gesê: "Wanneer julle daar kom, sal julle Dit kry," nie. Hy het nie gesê: "Wag vyf dae, of nege dae," nie. Hy het gesê: "Totdat!" Dis dit. "Hulle wat op die Here wag, sal hulle krag hernu." Sien?

269 Wat doen jy? Neem Sy Woord, handel Daarvolgens en bly reg Daarby. Elke dag, staan toon-teen-toon met Satan, Daarmee: "Daar staan geskrywe! Daar staan geskrywe! Daar staan geskrywe! Daar staan geskrywe! Daar staan geskrywe! Daar staan geskrywe! Daar staan geskrywe!" Dit moet vervul word! Jy tree op volgens die Woord, sien, dan sal jy die wonderwerk van God sien. Dis reg. Maar eers moet jy Daarvolgens handel.

270 Hulle het daarheen gegaan en die Woord gehoorsaam, hulle het daar gebly.

271 Die negende dag kom. Ek kan Petrus hoor sê: "Weet julle wat, wat dink julle broers?"

272 Markus kon dalk opgestaan, en gesê het: "Weet julle wat? Broers, laat ons Dit net deur geloof aanvaar, omdat ons gehoorsaam." Nee, julle gehoorsaam nie ten volle nie.

273 Jy het gesê: "Ek is gedoop in die naam van 'Vader, Seun, en Heilige . . .'" Nou dit—dit is nie ten volle gehoorsaam nie. Huh-uh. Sien? Jy sê: "Ek het by 'n kerk aangesluit." Dis nie gehoorsaam nie, sien. "Ek herhaal die Apostoliese Belydenis." Dit is steeds nie gehoorsaam nie. "O, broer, ek het my gelieg en gesteel laat staan. Ek doen nie enigiets gemeens nie." Dit is steeds nie gehoorsaam nie.

274 Dit moet 'n geboorte wees! Daar moet iets wees wat gebeur. Jy moet sterf, en Iets gebore word in jou.

275 O, nadat hulle soveel dae gewag het, nege dae is verby. Hulle het gesê: "Laat ons Dit net aanvaar, en voortgaan met ons bediening. Die wêreld is sterwend daarbuite, waarom sou ons nog langer wag?"

276 Ek kan Petrus hoor sê: "Maar, julle weet, Iets sê my dat dit nog nie reg is nie. Dit is nie eintlik presies die Woord gehoorsaam nie. Sien, as ons verwag om die wonderwerk te sien wat God ons belowe het, om die Belofte van die Vader op ons te stuur, moet ons hier wag totdat iets gebeur. Want, die Skrif het gesê dat dit sal kom in hierdie vorm, Joël het gesê: 'Ek sal My Gees uitstort op alle vlees. Julle seuns en dogters sal profeteer. Op my diensmaagde en diensmeisies sal Ek van My Gees uitstort. Ek sal tekens en wonders vertoon in die Hemele en op die aarde.' Jesaja die profeet het gesê: 'En met stamelende lippe en ander tale sal Ek tot hierdie volk spreek, en dit is die sabbatdag waarin hulle moet ingaan. Ten spyte van dit alles, sal hulle dit nie hoor nie.' Nou, broers, ons sou nie so hier kon uitstap, sonder selfs enige ondervinding hoegenaamd te sien nie, sien. Ons moet iets hê, omdat Hy gesê het: 'Wag hier totdat julle toegerus word met Krag.' Nou het ek nie enigsins meer Krag as wat ek gehad het toe ek hier ingekom het nie. Ek was heelaand hier, ek was die volgende aand hier, ek was nege aande hier. Ek is net dieselfde as wat ek was toe ek hier ingekom het. Hy het ons gesê ons sou Krag ontvang, so laat ons net aanhou wag."

277 Toe, ewe skielik, toe hulle die Woord van God ten volle gehoorsaam het, toe het hulle die wonderwerk van Pinkster gesien. Hulle het Vuur in die gebou sien val. Daardie Vuurkolom het neergedaal, tussen die mense in; en groot vlamme, soos gesplete tonge, het op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees, en begin praat in ander tale, soos die Gees aan hulle uiting gegee het.

278 Iets het gebeur, wanneer? Toe hulle, toe hulle hulle besluit geneem het om, dat hulle Dit alreeds ontvang het? Nee. Toe hulle die Woord van God ten volle gehoorsaam het, het hulle die wonderwerk van Pinkster gesien. So is dit vandag, jy moet dieselfde ding doen.

279 Nou, vriende, ek sal werklik afsluit op hierdie een. Ek gaan nie nog 'n bladsy omblaai nie. Goed, volgende man maak gereed wanneer ek dit sê.

280 Nou, alhoewel genoem alles wat genoem kan word, sleg: "holy-roller, pinkster, kerkbreker, skynheilige, Beëlsebub, dromer." Alles wat genoem kan word, word ons genoem. Maar wat doen hulle, noem jou wat? "Dromer, Beëlsebub, valse profeet, Jesus Only," alles anders wat genoem kan word, alles sleg wat genoem kan word.

281 Maar, deur die ware Woord van God te glo, Sy ware profeet van die Woord, wat doen ons? Ons sien die dinge wat ons sien.

O, vanuit Oos en Wes sal hulle kom,
Uit verafgeleë lande nog kom,
Om ons Koning se fees te geniet; te eet as Sy gas;
Hoe geseënd is die pelgrims tog!
Aanskou Sy geëerde gelaat
Wat van Goddelike liefde gloei;
Geseënde deelgenote van Sy gena,
Juwele in die Kroon wat Hy dra.

Jesus sal spoedig kom,
Dan is beproewing verby.
O, wat as ons Heer juis nou sou kom
Vir hul van sonde vry?
O, sou dit jou vreugde bring
Of smarte en diep berou?
As ons Heer in Glorie kom,
Gaan ons Hom in die lug ontmoet.

282 Waarom? Ons handel volgens Sy Woord! Amen. Noem enigiets wat julle wil. Ons sien die teken van die Messias in ons midde. Ons sien 'n Vuurkolom. Kan dit nie ontken nie! Noem ons enigiets wat hulle wil. God is hier. Wetenskap het die foto Daarvan geneem. Waarom? Gehoorsaam Sy Woord! Dis nooit in die geskiedenis gedoen nie, maar tog sê die meganiese oog van die kamera dis Hy, daar is 'n Lig wat die lens getref het. Waarom? Neem God se Woord eerste! Laat die denominasies jou uitskop, as hulle wil. Laat hulle almal hulle rug op jou keer, as jy wil. Maar handel volgens die Woord van God, as jy die wonderwerke van God wil sien!

283 Jesus het belowe: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens."

284 Daardie Engel het afgekom, God gemanifesteer in 'n menslike liggaam, het Sy rug gekeer op die tent, en gesê vir . . . nie geweet wie Abraham was nie, voorgegee, het gesê: "Abraham." Nie Abram nie; Hy het pas sy naam verander, 'n paar dae vantevore. "Waar is jou vrou, Sara?" Nie S-a-r-a-i nie. S-a-r-a! "Waar is jou vrou, Sara?" Het hom genoem op sy vaderlike

naam, en haar op haar prinsesnaam. O! Wie was Hy? Abraham het net daar geweet Wie dit was.

Hy het gesê: "Sy is in die tent, agter U."

285 Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek, Abraham. Ek, Ek gaan jou besoek volgens My belofte wat Ek jou gegee het, omdat jy nou al hierdie jare gewag het. Vyf-en-twintig jaar het jy daarvoor gewag. Jy het reg by die Woord gebly, gehandel volgens die Woord. Jy het ontken dat jy selfs op die aarde hoort. Jy't 'n reisiger en 'n vreemdeling geword. Jy is op soek na 'n Stad wat moet kom, Wie se Bouer en Oprigter God is. Ek het jou dit belowe, deur hierdie kind wat voortgebring sou word, dat hy sou wees . . . jy vader van baie nasies sou wees. Ek het dit belowe. Jy het gehandel volgens die Woord, nou gaan jy die wonderwerk van God sien."

"Hoe sal ek dit sien, my Heer?"

"Waar is Sara, jou vrou?"

"In die tent, agter U."

Het gesê: "Ek gaan julle besoek, volgens die tyd van die lewe."

286 En Sara het by haarself gelag, gesê: "Hoe kan ek, 'n ou vrou; en my heer, ook oud; ooit weer plesier hê?"

Hy het gesê: "Waarom het Sara gelag?"

287 Hy het gehandel volgens die Woord van God. Hy het die wonderwerk van God gesien.

288 Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Sien, handel op die Woord van God, en julle sal die wonderwerk van God sien.

289 Wat was dit? Toe ons hier gestaan het, nie lank gelede nie, die *Kerkeeue* gepreek het, hulle afgebring het, en daardie klein teken wat daar is, hulle hier op die bord geteken het. En reg in hierdie gehoor, voor meer mense as wat nou hier sit, net sodra ek klaar gepraat het, het 'n Lig neergegloei, en het daar na agter gegaan en teen daardie muur gehang. En 'n skaduwee het daaroor gekom, terwyl almal daarna kyk, en het daardie kerkeeue afgemeet presies net soos hulle daar is. Hoeveel is nou hier wat daardie dag hier was, steek jou hand op . . . ? . . . Gekyk daarna met julle eie oë! Wat was dit? Eers, glo die Woord van God, verkondig die Woord van God, ontvang die Woord van God; en ons het die wonderwerk van God die Woord gesien bevestig, dat Dit reg was.

O, Jesus sal spoedig kom, (almal saam)
Dan is beproewing verby.
O, wat as ons Heer juis nou sou kom
Vir hul van sonde vry?
O, sou dit jou vreugde bring
Of smarte en diep berou?
As ons Heer in Glorie kom,
Gaan ons Hom in die lug ontmoet. Amen.

290 Waarom? Ons glo aan Sy Woord, hou die Olie in die lamp, dit geknip en aan die brand. "Laat julle Lig so skyn, dat ander mense julle goeie werke, julle vrugte, kan sien, die Vader wat in die Hemel is, verheerlik." En wat sal gebeur? Net die Woord van God glo, en handel volgens die Woord van God, sal ons Hom in die lug ontmoet. Nie 'n sweem van twyfel nie! God seën julle.

291 Ek gaan ophou, omtrent een derde deur. Ek sal dit op 'n ander keer klaarmaak, as die Here wil. "As God met ons is, waar is Sy wonderwerke?" Uh-huh. Sien? Glo julle dit?

292 O God, laat ons 'n—'n komende jaar sien. Laat ons 'n komende jaar sien, totdat ons harte nie tevrede sal wees met 'n kerkdenominasie, of 'n geloofsbelydenis, met 'n handdruk, of 'n, sogenaamde, godsdiens nie. Laat ons nie tevrede wees nie, totdat ons die wonderwerkende Krag voel, en God neem die . . . in ons eie harte, die wêreld uitneem, en Christus vorm. Nou, nie vanaand, en môre iets anders begin doen nie; maar groei in Hom, op tot Sy statuur. Ons groei op na Hom, totdat ons Hom ontmoet. Laat ons ons hoofde buig.

Plek, plek, ja, daar is plek,
Daar's plek by die Fontein vir jou;
Plek, plek, ja, daar is plek,
Daar's plek by die Fontein vir my.

293 Ons Hemelse Vader, met nederigheid van siel en gees, hees in my stem, en hierdie paar afgekapte of gebroke woorde, Here, ek bid dat U hulle sal vat en aanmekaar las; weet nie hoe om dit te doen nie, maar sê net wat in my gemoed opkom. Plaas dit diep in die hart van elke persoon, en laat hulle dit sien en glo, met die gesindheid waarmee dit aangebied is. En Vader, dit sal sin maak vir hulle, dit sal Christus na hulle bring. Seën ons vanaand, Vader. Ons wag, reageer op die Woord van God.

294 Seën hierdie broers, Here. Vergewe my, Vader, vir deel van hulle tyd te gevat het. Ek bid dat U hulle sal salf met die Heilige Gees, op so 'n wyse dat die Krag van God deur die gebou hier sal val en sondaars na die altaar mag kom en—en hulle weg ween na Gólgota, en dat siekes genees sal word, en groot tekens en wonders verrig sal word, en ons die wonderwerkende Krag van die lewende God sal sien. Ons wag daarvoor, Vader, in Jesus se Naam. Amen.

295 Prys die Here! Het julle Hom lief? As God met ons is, laat ons Sy teken sien!

296 Waar is die teken van die Messias wat dieselfde is, gister, vandag, en vir altyd? As daardie Messias dieselfde is, sal Hy dieselfde teken hê. Waar is Hy? Aan watter organisasie behoort Hy? By watter organisasie kan ons gaan aansluit, en die Messias, Sy teken vind? In watter huis kan ons ingaan, om dit te vind? Dink daaraan.

Jammer, Broer Neville.

['n Suster praat in 'n ander taal. 'n Broer gee 'n uitleg—Red.]

Amen. Prys Jesus. Geseënde Jesus! Dank U, Here. Dank U.

As God Met Ons Is, Waar Is Al Die Wonderwerke Dan? AFR61-1231E
(If God Be With Us, Then Where Is All The Miracles?)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 31 Desember 1961, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2016 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org